



# Kompass

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 14 / no. 4  
April 2005

## DIE LIG VAN DIE WÊRELD

Die lig van die wêreld - só noem Jesus heel eerste die volk Israel. God wou deur Israel by al die volke van die wêreld met sy verlossing uitkom. In 'n donker wêreld het die Here vir Israel 'n besondere plek en taak gegee. Wanneer die volke van die wêreld teen God in opstand kom by die bou van die toring van Babel, dan kies God om in hierdie groot donkerte 'n lig aan te steek. Hy roep Abram. Hierdie lig moes vir al die volke skyn. Abram moes 'n seën word vir al die nasies. Tog was Israel self nie die lig nie. Hoe donker sou die wêreld dan nie wees nie!

Israel was lig vir die wêreld so lank as wat die Here God self by hulle was. Hý is self die lig. Male sonder tal word Israel daaraan herinner en besing hulle hierdie genade van die Here. Van God word gesing dat Hy as groot Koning die lig aantrek soos 'n mantel. Hy bewoon 'n ontoeganklike lig. Jakobus noem Hom selfs "die Vader van die ligte". Israel wandel in die "lewenslig". Meer kere word regstreeks gesê dat God die lig is vir Israel. Die Verlosser wat aan Israel beloof word, word die "lig vir die nasies" genoem.

Dit hoef ons nie te verbaas as oor Jesus Christus op presies dieselfde manier gepraat word nie. Johannes stel Jesus aan ons op hierdie manier voor: "In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense". Dit is hierdie lig wat in die duisternis moet skyn. Hierdie Lig kan nie deur die duisternis oorwin word nie. Van die gemeente van die Here word gesê dat hulle 'n uitverkore geslag is wat die deugde moet verkondig van "Hom wat julle geroep het uit die duisternis na sy wonderbare lig". Dit is duidelik dat ons Verlosser self die ligbron is.

Dit is nie verbasend wanneer die Here Jesus hulle wat by Hom by die berg vergader, die "lig vir die wêreld" noem nie. Deur hulle wil die Here nou die wêreld bereik. Israel self het sonder Christus totaal onbruikbaar geword as lig vir die wêreld. Die groot Lig het opgegaan vir die volk wat in duisternis gesit het. Die geloof het weggebly. By Israel het hulle self as kandelaar, wat slegs maar die Lig moes dra, die middelpunt geword. 'n Kandelaar sonder die lig daarop, het vir niemand nut nie. Dit is waardeloos. Hulle wat in geloof vashou aan Christus, word nou "kinders van die lig". Hulle skyn soos sterre wat lig gee. Wil ons lig wees in hierdie wêreld, sal ons naby die bron van die lig self moet wees.

Johannes sien in 'n tyd waarin die kerk grootliks verdruk word op Patmos iemand wat aan hom verskyn wat is soos die "son wat skyn in al sy krag". Vervolging doof hierdie Lig nie uit nie. Hy is selfs die lamp wat vir ewig en altyd skyn in die Nuwe Jerusalem.

## In Hierdie Uitgawe



### Tema: Stad op 'n Berg

- 'n Hart vir die stad ..... 2
- Visievorming in evangelisasie en gemeentestigting ..... 4
- Eenheid tussen kerk en staat ..... 6
- Die God wat leef ..... 8
- Liturgie ..... 10
- Bybelboek: Habakuk ..... 11
- Korrespondensie met die owerheid ..... 13
- Musiek en Erediens ..... 15
- Sinode: VGKSA ..... 17
- Christen en kunstenaar wees in die moderne wêreld ..... 19

# 'n HART VIR DIE STAD

Ds P Boon



## TEMA: STAD OP 'n BERG

Resensie van die boek *Hart voor de stad* deur dr. Peter van de Kamp, dosent by die Theologiese Universiteit te Kampen, Nederland

Peter van de Kamp, werksaam aan die universiteit in Kampen, Nederland, het 'n soektog gedoen na die stadsgesig van die kerk.

### KERK – VISIE – FUNKSIES

Vanuit die Gereformeerde teologie begin Van de Kamp deur 'n **visie** op die kerk onder woorde te bring.

Hy kom tot die konklusie dat die wese van die kerk saamgevat kan word in **drie funksies**:

- 1) **verkondiging**,
- 2) **gemeenskap en**
- 3) **diens**.

Hierdie funksies gee die rigting vir die kerk se aktiwiteite. Dit is mooi om te sien hoe die Gereformeerde dogmatiese denke oor die kerk gebruik word om die visie op die kerk onder woorde te bring. Die kerk soos sy aktief is in die hedendaagse aktualiteit. Die leer oor die kerk – die ekklesiologie – beteken so nie net iets vir die kerk self nie, maar ook na buite toe in haar betrokkenheid met die samelewing.

Wie 'n **visie** het op die identiteit van die kerk, is in staat om te beoordeel wat wel en wat nie gesond is vir die kerk nie. Ek noem 'n voorbeeld: Wanneer kerklede om bepaalde redes geboeid raak deur 'n spesifieke kerkvisie, kan dit soms tot spanning lei. Die een kerklid wil die gedagtegoed van Willow Creek in die kerk invoer, 'n ander is veel meer deur Tim Keller se visie geboei, en 'n derde het weer, in reaksie op al hierdie nuwighede, die neiging om op die rem te trap: hulle wil niks met al hierdie 'Amerikaanse konsepte' te make hê nie, en roep in wanhoop: 'ek is van Calvyn'. In die proses laat hulle egter weer baie handvatsels onbenut lê wat binne die kader van 'n Gereformeerde kerk 'n gesonde uitwerking kon hê. Maar wie dink vanuit 'n duidelike visie, kan verskillende modelle beoordeel en op 'n goeie manier integreer. In sy proefskrif gaan Peter van de Kamp in detail in op twee kerkmodelle. Ten eerste 'n Nederlandse model (*Oude Wijken Pastoraat in Rotterdam*), en vervolgens 'n Amerikaanse model (*Redeemer Presbyterian Church in New York*). Sy benadering kom dus hierop neer: wie weet wat dit is om Gereformeerde te wees, kan tegelyk leer van ander. Om maar 'n voorbeeld te noem:

die manier waarop in Willow Creek die gawes ingeskakel word, vestig opnuut ons aandag op wat die Bybel hieroor sê. En die inrigting van die kerkdienste in Redeemer as verkondiging van genade vir Christen en nie-Christen leer ons opnuut om na te dink oor die prediking. Vanuit 'n Gereformeerde kerkvisie is dit gesond om daarop bedag te wees of daar iets geleer kan word van allerlei kerkmodelle sonder direk historiese daarvoor of daarteen te wees. Juis die openheid wat so 'n Gereformeerde houding met hom meebring, dien die kerk van Christus in die toekoms.

### STAD – KENMERKE

'n Gesonde kerk is volgens Peter van de Kamp 'n kerk van die Woord en tegelyk 'n kerk vir die omgewing. Dit is twee kante van dieselfde muntstuk. Die visie op die kerk die een kant en die visie op die stad die ander kant. Waarom word daar in hierdie proefskrif so eksplisiet aangedag geskenk aan die stad? Is dit eintlik nodig om op aarde hieroor na te dink? Waarom gaan dit nie ook oor die kerk op die platteland of die kerk in 'n vissersdorp of wat ook al nie?

Peter van de Kamp wys in hierdie verband op die proses van verstedeliking (urbanisasie). Op alle kontinente praat ons oor stede met miljoene inwoners. In die stad kom alle soorte mense by mekaar. Die suksesvolle met hulle vinnige motors en die misluktes aan die kant. Groot warehuise waar mense saamdrom om die nuutste produkte, maar ook groot ashope waar die arm mense rondkrap. De Bybel vertel oor ons Heiland: "En toe Hy die skare sien, het Hy innig jammer gevoel vir hulle, omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen herder het nie. Toe sê Hy vir sy dissipels: Die oes is wel groot ..." (Matt. 9:36-37) Dit geld ook vir die megastede in hierdie wêreld: so baie mense... sonder herder. Kan die kerk onbewoë hieroor bly?

Om in kaart te bring waarmee die kerk te make kry as sy rekening wil hou met die feit van verstedeliking, gaan Van de Kamp in sy proefskrif te rade by die stad-sosiologie. So probeer hy die

#### Eienaar en uitgewer:

Stigting Woord en Wandel  
G de Jager (voorsitter)  
BJ Kamphuis  
A Bron (sekretaris)  
Tel. (012) 332-0943

#### E-pos (stigting):

berendkamphuis@telkomsa.net

#### Drukker: Printburo

Tel. (012) 335-9134

#### Kernredaksie: ds E Viljoen

(eindredakteur)  
Mev. M de Vries  
ds C Kleijn  
J Moes  
A Roos  
ds J van der Linden

#### Redaksie: Mev. JW Douma

Saxenburgsingel 14  
Oakglen  
Bellville 7530  
Tel. (021) 919-5176

#### E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

#### Nederland: Mev. H van de Weide

Oldenkottebrink 60  
7544 LP Enschede  
Tel. (053) 478 4561

#### Administrasie: Mev. J van Dijk

Posbus 23931  
Gezina 0031  
Tel. (012) 332-1107

#### Elektroniese betalings:

Stigting Woord en Wandel  
Nedbank Gezina  
Takkode: 16 03 45  
Rek. nr: 1603 031 820  
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

#### Intekengelde (per jaar):

E-pos: RSA R40  
Buiteland •10  
RSA: R80 (per hand)  
R90 (per pos)  
Buiteland: Seepos •30  
Lugpos •40

prentjie van die stedelike omgewing waarbinne die stadskerk moet funksioneer in te kleur. Dit maak die kerk slagvaardig met die Evangelie in so 'n omgewing waar die HERE soveel mense by mekaar bring. 'n Belangrike vraag in hierdie opsig is in watter mate die gesig (let wel: nie die wese) van die kerk verander in 'n stadsomgewing.

### **PASTORAAT IN DIE STAD**

Die Bybel verskaf die boustene vir 'n gesonde kerk. Die stad bepaal die kleur van 'n betrokke kerk. Hoe lyk so 'n stadskerk dan? Die funksies van die kerk moet enersyds aansluit by die kenmerke van die stad, maar andersyds tegelyk 'n korreksie daarop beteken. Kortom 'n ewewigtige aanpak: rekening hou met die stad, maar tegelyk vanuit die Bybel die hele moderne stadskultuur onder kritiek plaas. So sal die stadsgemeente enersyds self beïnvloed word deur die geweldige mobiliteit en anonimiteit van die stad, maar andersyds juis krities hierin haar opstel, deur ekstra nadruk op gemeenskapsvorming te lê.

In hierdie verband speel die pastorale werk van die kerk 'n uiters belangrike rol. Beginpunt van die pastoraat is altyd die ontmoeting tussen die gemeentelêde in die Sondagse kerkdiens. Peter van de Kamp ontwikkel vervolgens 'n model waarbinne die eintlike pastoraat plaasvind in bepaalde groepe. Die ouderlinge word dan begeleiers van sulke pastorale selfhelp groepe. En predikante se taak lê in die oorsig hou oor die geheel asook hulp by moeilike gevalle. Hierdie model onderstreep dus die verantwoordelikheid wat by elke gemeentelid lê.

Naas die meriete wat hierdie benadering het, bespeur ek egter wel iets te modieus in hierdie model met sy al te eensydige aksent op die gemeente. Ek kry die indruk dat die model van die Redeemer-church in New York hier te kritiekloos oorgeneem word. Die ouderling word organiseerder en verantwoordelik vir die ontwikkeling en bewaking van die visie vir kerk en stad (p.314). Dit lyk asof dit ten koste van die herderlike taak gaan. Die ouderling is naamlik ook die



herder wat self besoek bring (huis-besoeke) en direkte kontakte met die mense het (wyksbesoeke). Dit maak my nuuskierig na hoe die pastoraat volgens Van de Kamp dan ingevul sal word as mens dit - nie vanuit die funksie gemeenskap (sien 2 hierbo) – maar van uit die funksie verkondiging (sien 1 hierbo) benader.

### **INTERKERKLIKHEID IN DIE STAD**

Dat die kerk 'n oop houding na die stad wil inneem, dra volgens Van de Kamp daaraan by dat '(gees)verwante kerke met mekaar moet en gaan saamwerk' (p.303). Ook hier bespeur ek die invloed van die visie van Redeemer, wat aangee dat die koninkryk belangriker is as die kerk<sup>1</sup>: dit gaan nie oor ons 'club' nie, maar dit gaan oor God se Ryk. Dit is waar, maar ... hierdie benadering het ook risiko's. In die praktyk kan dit daartoe lei dat die nood van die stad as belangriker gesien word as die eenheid van die kerk. Laasgenoemde word dan iets waarmee sinodes (nog) worstel, terwyl die kerke in die stad – vanweë die nood – mekaar al gevind het. Dit is wel begryplik, maar word daarmee die opdrag tot ware eenheid opgehef? Waarom het Paulus nie 'n Griekse naas die Joodse kerk gestig nie? Dit sou hom tog heel wat ellende en briefskrywery bespaar het? Ja, maar die kerk is van Christus! En Christene hoort by mekaar! Die eenheid van die kerk mag nie sneuwel in missionêre daderdrang nie.

### **WERK AAN DIE WINKEL ...**

Daar word soms gekla dat die Teologiese Universiteit in Kampen (NL) te weinig leiding gee in die nuwe situasie waarin die Gereformeerde Kerke in Nederland (Vrygemaak) hulle bevind. Wie so dink, moet veral hierdie proefskrif lees. Hy of sy sal agterkom dat dit beslis 'n rigting aangee vir die kerke in hierdie tyd. Dit geld vir alle kerke – ook dié buite die stad. Ook al sien mens nog elke dag die bome en ruik mens nog die koeie, tog leef ons almal in 'n samelewing wat gestempel is en word deur die sfeer van die stad. Die stad is voortrekker en trendsetter. Dit beteken – ten tweede – dat die plattelanders met belangstelling en meelewe kan volg hoe 'n Gereformeerde kerk in die stad ontwikkel. Ons broeders en susters daar ervaar van digby wat alle kerke op die duur sal ervaar. Die stadskerk is in die sin pioniers. Laat ons vir mekaar bid, met mekaar meeleef en leer van mekaar se ervarings en foute.

Die groot stede, wat naas hulle aantreklikhede dikwels ook 'n opeenhoping is van allerhande ellende, mag ons as Gereformeerdes nie die rug toekeer nie. Laat ons 'n visie hê vir die stad! "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom." (Matt. 24:14)

Na aanleiding van: Peter van de Kamp, *Hart voor de stad. Een praktisch-theologische studie naar kansen voor kerk-zijn in een stedelijke samenleving*, Uitgewer Kok Kampen, 2003, 352 bls., ISBN 9043508160. Prys €29,50.

ds. H. Drost te Houten, Nederland  
Vry vertaal en verkort: ds. P.G. Boon

<sup>1</sup> 'The presence of the kingdom means we are seeking to promote the whole cause of Christ and not just build up our little church and denomination', 'n aanhaling van Redeemer.▯



# VISIEVORMING IN EVANGELISASIE EN GEMEENTESTIGTING

Ds E Viljoen

TEMA: STAD OP 'n BERG



**Op die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland te Amersfoort vanaf middel Maart 2005 dien 'n studierapport evangelisasie en gemeentestigting. Hierdie rapport vorm 'n onderafdeling van die werk gedoen deur Deputate Aanvullende Steunverlening Evangelisasie. Die rapport moet leiding gee aan die besinning op die prinsipiële onderbou van evangelisasiewerk en 'n moontlike heroriëntasie op die onderskeid wat ons tradisioneel ken tussen sending en evangelisasie. Hulp word gegee op die ontwikkeling van visievorming met die oog op gemeentestigting. Alles sake wat belangrik genoeg is, dat ons goed daarvan kennis neem.**

## EVANGELISASIEPROJEKTE

Die onmiddellike aanleiding vir die opdrag aan hierdie deputate was 'n vraag wat op die sinode drie jaar gelede by ons susterkerke gedien het. Dit het daarmee te doen dat gevra word of evangelisasieprojekte begin kan word los van die moontlikhede vanuit die plaaslike gemeente en of die ondersteuning daarvoor dan uit die kerkverband gevra kan word. Die sinode vind dit kennelik belangrik dat daar onder die evangelisasieprojekte 'n duidelike eensgesinde visie op evangelisasie en kerkplanting. Op die agtergrond speel 'n uiteenlopende sig op evangelisasie, kerkplanting en gemeentebou 'n rol.

Die twee vrae waarmee deputate hulle besig gehou het wat vir ons konteks die belangrikste is, noem ons vervolgens. In die eerste plek stoei hulle met die werklikheid dat evangelisasieprojekte wat die moontlikhede van die plaaslike gemeente oortref, uiteindelik presies dieselfde lyk as die manier waarop daar sending bedryf word in ander dele van die wêreld. Die vraag kom

dus aan die orde wat die regte verstaan is van die verhouding tussen sending en evangelisasie.

Daarna kom die vraag aan die orde of ons onder evangelisasie dieselfde bedoel en beoog as met gemeentestigting. Is dit twee woorde vir presies dieselfde saak, of mag dit wees dat hier 'n ander teorie of teologie skuil gaan agter die woordgebruik?

## SENDING EN EVANGELISASIE

Die vraag word gevra of daar 'n "herverdeling" moet kom tussen die terreine wat tradisioneel as sending en evangelisasie onderskei is. Moet daar dalk net 'n paar naambordjies verhang word? Tot op hede word die volgende verskille tussen sending en evangelisasie vanuit Nederland hanteer. Sending is iets wat ver weg en evangelisasie in jou eie land gebeur. Vir sendingwerk word 'n ampsdraer uitgestuur wat werk met 'n volmag van 'n sendende kerk. Die evangelisasiewerk word gedoen vanuit die amp van alle gelowiges deur lidmate van die gemeente wat vrywillig en met 'n groot mate van vryblywendheid daarmee besig was.

In die sendingwerk het dit nog meestal gebeur deur 'n aantal kerke wat saam werk. Daarteenoor gaan evangelisasie gewoonlik uit van een plaaslike gemeente. Die werk wat in evangelisasie gedoen word, word beperk tot die drakrag van die plaaslike gemeente.

Sending en evangelisasie was tradisioneel ook tot verskillende groepe mense gerig. Sending is bedryf onder mense en volke wat die evangelie nog nooit gehoor het nie. In evangelisasie het die kerke hulle self gerig tot mense wat of self of in hul onmiddellike voorgeslagte reeds te doen gehad het met die evangelie.

## NUWE SITUASIE

In Nederland het die situasie nogal in die laaste tyd verander. Sendingwerk word nou ook al in Nederland self gedoen. Dit is in Suid-Afrika geen nuwe saak nie. Ons leef met die situasie dat groot sendingvelde letterlik op ons drumpels geleë is. In evangelisasiewerk kan daar op die oomblik ook al ampsdraers gevind word met 'n spesiale opdrag om die evangelie in eie omgewing te verkondig. So iemand ken ons as evangelisasiepredikant. Meerdere keer word nie net die sending nie, maar ook die evangelisasiewerk met behulp van die kerkverband gedoen.

## NUWE DEFINISIE

By die sinode van Leusden (1999) word sendingwerk in die volgende raamwerk beskryf: *Dit behoort tot die eie aard van die kerk van Christus om met die evangelie wat aan haar toevertrou is ook buite die wêreld van eie taal en kultuur hulle te soek wat vreemd is aan of vervreemd het van God en sy diens. Die kerk beoog om deur die diens van die evangelie gemeentes van Christus te plant wat in gebondenheid aan die Skrif, die Gereformeerde belydenis en die kerkorde kom tot die ontwikkeling van 'n eie kerklike lewe.*

Hier is 'n duidelike parallel aan die sig op evangelisasiewerk. In feite word die twee nie meer onderskei nie. In die sending gaan dit om doelgroepe "buite die wêreld van eie taal en kultuur en met evangelisasiewerk wil die kerk mense binne die kerke se eie leefwêreld bereik. By evangelisasie word die kerkplanting en ontwikkeling van 'n eie kerklike lewe nog nie genoem nie. Die regstreekse band tussen evangelisasie en die stigting van 'n nuwe gemeente word nog nie gemaak nie. Evangelisasie word steeds heel sterk verbind aan die

taak vir kerklede self, terwyl die sendingsroeping baie sterk aan die taak van die kerkraad verbind word.

### **HOE VERDER?**

Die vraag hoe ons moet maak met groter evangelisasieprojekte word al hoe dringender. Die rigting deur die deputate aangedui om in verder te gaan, is verblydend. Met blydskap word kennis geneem dat daar 'n meer gereelde gebruik is van die term "missionêre gemeente" vir elke plaaslike kerk. Hierdie missionêre aspek van die kerklike lewe hoort wesenlik by die kerk. Ons moet van hierdie karakter van ons kerkwees steeds meer maak. Dit is glad nie nodig om van 'n aparte sendingsroeping van die kerke en 'n evangelisasieroeping van die lidmate te praat nie. Gedurig weer moet ons vanuit die opdrag van Matt. 28:19 die hele mensdom bly sien as die doelgroep wat met die evangelie bereik moet word. Tog word nog al te dikwels van sending heel spesifiek gepraat as die verkondiging van die Woord met die oog op kerkplanting. Deputate suggereer om die verskil tussen sending en evangelisasie veral op die doel ten opsigte van die kerkverband te sien. In evangelisasie sou dit gaan om die uitbreiding van die bestaande kerkverband, terwyl die verkondiging van die evangelie by sending die doel het om 'n nuwe kerkverband te vorm.

### **GEMEENTESTIGTING?**

Die gebruik het al hoe meer posgevat om in plaas van evangelisasie te praat van gemeentestigting. Deputate het hulle besig gehou met die vraag wat presies verstaan word onder hierdie relatief nuwe omskrywing vir evangelisasiewerk en hoe om dit te evalueer in die lig van die Skrif. Gemeentestigting verwys duidelik na 'n vorm van evangelieverkondiging wat nie ten doel het om gelowiges tot die bestaande gemeente toe te voeg. Die doel is om te kom tot die stigting van 'n nuwe gemeente. In die praktyk beteken dit dat die werk nie slegs gerig is op die lei van individue tot bekering nie, maar dat die werk gerig is op die vorming



van 'n groep *nuwe* gelowiges.

Hier is die woordkeuse besonder belangrik. Dit gaan nie oor die vorming van 'n nuwe "groep" (lees "kerk") nie. Belangrik is veral dat dit nuwe gelowiges moet wees. Dit is die kenmerkende benadering van 'n benadering tot evangelisasie wat gevolg word deur byvoorbeeld ds. Tim Keller van die Redeemer Church in New York. Vir Keller is die planting van nuwe kerke geweldig belangrik. Selfs al is daar reeds bestaande ouer kerke in 'n stad, sou hy steeds wil sien dat nuwe bekeerlinge in nuwe gemeentes saamgevoeg word.

Die teorie is dat nuwe kerke minder tradisioneel is en veel meer ontvanklik is vir nuwe kategorieë van kerkgangers. Nuwe generasies en nuwe bewoners sal as sulke nuwe kategorieë hanteer word. Keller is van oortuiging dat nuwe kerke die beste geskik is om onkerklikes te bereik. Ouer kerke met versterkte strukture vorm volgens hom 'n struikelblok. Sy kerkplantingmodel geld met name vir stadsgebiede.

### **EVALUERING**

Deputate noem eers 'n paar waardevolle punte van hierdie benadering om dan af te sluit met 'n paar punte waar daar tog vrae opgeroep word. Positief kan genoem word die feit dat onmiddellik van die begin af die gemeente as gemeenskap sentraal staan. Dit gaan volgens die Skrif vir God nie om hier en daar losse gelowiges nie, maar die opbou van 'n nuwe volk en mensdom wat Hom dien. In die praktyk blyk dit inderdaad ook dat jong gemeentes dikwels met vars en nuwe inisiatiewe na vore kom.

In 'n kleiner nuwe gemeente is dikwels 'n groter gevoel van betrokkenheid en aanvaarding van verantwoordelikheid. Nog 'n positiewe aspek, is dat daar doelbewus op soek gegaan word na groepe in die samelewing wat nie sommer uit eie beweging in 'n gevestigde kerk sal instap nie.

Kritiese vrae moet ook gevra word. Is dit nie al te maklik om op hierdie manier waar op spesifieke doelgroepe gerig gewerk word, dat gemeentes gevorm gaan word wat uit spesifieke kategorieë mense bestaan nie? In stede kan maklik studentegemeentes ontstaan. Of gemeentes wat uit net "Yuppies" bestaan. Daar sal altyd gewaak word dat daar tog groter diversiteit moet wees in die grepe op wie die werk gerig is.

Dit kan ook maklik gebeur dat gemeentestigting bloot as middel gaan funksioneer. Sou volgens hierdie "metode" dan nie juis die roeping van so 'n jong gemeente ook moet wees om weer 'n nuwe gemeente te gaan vorm nie; byna asof die kerk bloot 'n basis is vir 'n volgende evangelisasie-aanval wat geloods moet word!! Kan daar dan werklik in rus gewerk word aan die opbou in die geloof sodat die gemeente 'n woonplek van die God kan wees deur sy Heilige Gees?

Laastens vra ons nog aandag vir die onbeplande en ongewilde negatiewe kyk op meer gevestigde en tradisionele gemeentes. 'n Nuwe gemeente kan maklik die indruk kry dat hulle wel byderwets is, maar die ander (ouer) gemeentes ouderwets en nie-funksioneel is. Dit is 'n onvanpaste roem van die een teenoor die ander.

Meer aspekte wat die deputate-rapport aanraak sou genoem kon word. Waardevolle werk is gedoen en ons kan die deputate gelukkig met 'n rapport wat na my mening die besinning op ons kerke se taak om missionêre gemeente te wees op 'n rustige manier verder van groot diens kan wees. ☩

# DIE EENHEID TUSSEN KERK EN STAAT

## Geen weerlig uit die hemel!?

Ds P Nel

### TEMA: STAD OP 'n BERG

Daar bestaan in ons land verskillende foutiewe gesindhede teenoor die staat. Party aanbid die staat as die liggaam van bevryding en is blind vir hulle sonde; ander verag die staat as gevolg van hulle bewinds-orname en wil hulle met geweld vernietig, maar by verre die meeste staan totaal apaties teenoor die regering en sy agenda. Hulle sien die staat as die irrelevante tydverdryf van enkelinge.

Dit laat my dink aan 'n afvallige Christen wat vertel het hoedat hy eendag tot die "bevrydende" besef gekom het dat daar geen weerligstraal uit die hemel gaan kom om hom te tref waar hy besig is om "sonde" te doen nie. Hy het al meer begin voel dat hy as kind onregmatig vasgepen was deur Christene en veral sy ouers, wat hom wou onderdruk met die fabel van 'n streng God. Hy kon nou rustig "sonde" doen, sonder om verder te vrees.

In die man se woorde lê 'n belangrike leidraad oor hoe die post moderne mens dink. Die belang en verbintenis tussen geloof én dissipline, tussen Christen wees en wetsgehoorsaamheid, God en straf, het vir hom verdwyn soos nag na dag. Sy denkpatroon was eenvoudig. Siende dat daar geen konsekwente en onmiddellike vergelding (weerlig uit die hemel) is nie, is daar geen God nie en is die mens vry om te doen en te glo wat hy wil.

### GOD GEE SY GESAG AAN SONDIGE MENSE

In die persoon se reaksie is twee onversoenlike en foutiewe idees vermeng asof hulle een is. Die een is dat daar geen tugtigende God is nie en die ander is dat die mens vry van God kan voortbestaan. In dié argumentasie kom juis die taal van die menslike dwaasheid na vore dat God se regering en sy bestaan gelyk is aan 'n geweldige weerligstraal wat jou uit die hemele gaan tref elke keer as jy sonde doen! So

regeer God nie oor die mensdom nie, al het Hy dit al gedoen (vgl. bv. Tabera - Num. 11:1 vv) en gaan Hy dit ook weer 'n slag doen (Open. 20:1vv). Hy regeer met groot geduld (Rom. 2:4) en regeer deur die diens van gesaghebbers oor kerk en staat. Die fout is dus nie by God te soek nie, maar by sy onderdane. Miskien het die persoon se ouers so fel en vergeldend soos 'n weerligstraal opgetree en vandaar sy persepsie oor God. Of is dit dalk juis dat hy geen "weerligstraal" op die regte tyd op sy agterwêreld ontvang het toe dit nodig was nie? In elk geval het hy duidelik 'n wanopvatting oor Goddelike gesag. Die gevaar bestaan dat hy, as gevolg van sy eie verdraaide idees, sy kinders 'n tragiese ekstreem gaan laat sien, van of ouers wat geen gesag en reg handhaaf nie of ouers wat onnodig vergeldend optree.

### SKEIDING VAN KERK EN STAAT IN SUID-AFRIKA

Maar die man se verhaal is nie iets ver weg van ons nie. Dieselfde foutiewe denke is besig om ook in ons land sy gewraakte neerslag te vind. Geloof word gesien as iets privaat, godsdienstig en persoonlik, terwyl politiek weer iets is wat alle mense aangaan. Die twee, so word dikwels gerieflikshalwe gereken, het niks met mekaar te doen nie.

Daar is sekerlik baie goeie redes vir die skeiding. Baie van die verteenwoordigers van die ou Suid-Afrika distansieer hulle totaal van die staat asof hulle eie toekoms nie meer mede bepaal word deur wat in die owerhede aangaan nie. 'n Mens hoor dikwels die absurde argument dat "alles eers moet inmekaarval en dan kan daar weer iets nuuts begin". Die vlag van korrupsie en ander sondes onder die huidige regeerders maak sulke stellings egter nog makliker en die staat nog meer ongeloofwaardig. Om nie te

praat van die staat se onregmatige inmenging in die geloofsfeer van sy onderdane en hulle skoolonderrig nie.

### CHRISTUS IS KONING EN PRIESTER

Die Skrif leer ons egter dat ons as Christene nie ons hande in onskuld kan was as dit gaan oor die wetgewers van die land nie. Die gesonde en gebalanseerde heerskappy van die Seun van God oor die mens, in die kerk en in die staat, is iets wat ons ons kinders opnuut moet leer. Hy is volgens Psalm 110 en Hebreërs ons Priester en ons Koning uit die orde van Melgisedek. Hy is die Leeu wat regeer oor die regerings van die aarde én Hy is die Lam wat geslag is vir sy gemeente, Hy is Koning van die staat en Koning van die kerk. Aan Hom is alle mag gegee in die hemel en op die aarde (Matt. 28:18; Efesiërs 1:20-23). Hy wil dat sy heerskappy in beide terreine na vore sal kom.

Ja, staat en kerk het alles met mekaar te doen. Die verkeersboete, die onderwyser se vermaning en die vermaning van die kansel of kerkraad het almal met dieselfde God in die hemel te doen. Hy is God en HERE van kerk en staat. Dié belangrike feit kom duidelik na vore uit die gereformeerde belydenis van die gemeente van Christus. Maar dit is ook iets wat bevraagteken word deur gereformeerdes. Siende dat die verhouding staat en kerk so belangrik is en siende dat daar vrae oor die betekenis van veral Artikel 36 NGB is, wil ek graag twee aspekte in hierdie artikel belig. Dit sal help om die eenheid van taak tussen kerk en staat reg te verstaan. Die twee sake is:

1. die edele roeping van die staat en
2. haar roeping om die ryk van die Antichris vernietig.

### DIE STAAT IS NIE DIE GEVOLG VAN VERDORWENHEID EN SONDE NIE

Die eerste sin van artikel 36 NGB lees dat: "Ons glo dat die goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede aangestel het ..." Dit word maklik verstaan dat die staat, net soos die "verdorwenheid van die





menslike geslag”, beide onvolmaakte en onwelkome verskynsels is, gevolg van die sonde. Dit word gesien as dinge wat eintlik nooit daar moes wees nie en wat maar liefs nie deur heilige mense aangeraak moet word nie. Daar word selfs gemeen dat mense wat die Heilige Gees het nou die wette in hulle hart het en daarom geen wetgewers nodig het nie.

### **KUYPER SE ROOF**

Juis uit dié tipe gesindheid spruit die Christen se apatie en skeiding van kerk en staat, Christenskap en wetgewing, geloof en politiek. Die bekende dr. Abraham Kuyper het nie juis die beeld van die staat ‘n guns gedoen toe hy dit gesien as ‘n tydelike roof oor die wond van die sondeval nie. Dié roof, so het hy gemeen, sal gelukkig wegval as Christus weer verskyn in sy nuwe koninkryk. Miskien was die siening ‘n mengsel van sy eie nederigheid as staatsman en sy siening van die algemene genade, maar die uitwerking was nie goed nie. Die staat se beeld is geprojekteer as iets tydelik en verwerplik.

### **ADAM EN OWERHEID**

Wanneer ons die Bybel en die artikel mooi lees sien ons egter iets anders raak. Ons sien dat die owerhede daar was voor die sondeval. Adam en Eva heers oor die diere en Adam is die Godgegewe gesagvoerder ondersteun deur sy vrou. Hulle het die wette van God ontvang en regeer in sondeloosheid daarvolgens. Gesag, orde en onderdanigheid is nie gebonde aan sonde nie! Dit was deel van dit wat God goed gemaak het. Ons sien trouens dat regeerders heel welkom is in die hemele sal wees, na die sonde! Die 24 ouderlinge in die hemelsaal beklee steeds hulle besondere posisie van troon en kroon in die hemele (Open. 4:4) en die getroues regeer saam met Christus in die nuwe Jerusalem, waarheen die “konings van die aarde hulle heerlijkheid en eer” sal bring (Open. 20:24)! Schilder wys daarom tereg dat God nie van Homself as “Koning” sou praat as die titel so minderwaardig was nie en die belydenis (Art. 30 NGB) nie van die kerk as “politea” oftewel staat sal praat nie.



### **MEER SONDE MEER STAAT**

Ons sien verder in die Bybel dat owerhede na die sonde net nog meer nodig is en dat hulle geëer moet word ten spyte van hulle (dikwels enorme) swakhede. Paulus vra in 1 Timoteus 2 dat daar gebid word vir alle hooggeplaastes sodat almal rustig en stil kan leef en tot die kennis van Christus kan kom. Die leiers van die volke word in Psalm 82 as gode beskryf wat God se regspraak moet uitspreek oor sy skepsele en die staat word ‘n dienaar van God genoem in Romeine 13. Wanneer Dawid die konings van die aarde vra om die Seun van God te kus, vra hy nie dat hulle hulle krone moet afhaal nie (Ps. 2).

### **DIE GOUE MIDDEWEG**

Die eerste sin van artikel 36 wil dus nie sê die regering is die gevolg van sonde nie! Die wêreldse owerhede, al is hulle met allerlei “wêreldse” sake gemoeid is nie slegs ‘n tydelike noodmaatreël nie. Dit is nie mense wat ons met groot frustrasie en disrespek moet verdra totdat die heerlijkheid van Christus se ewige ryk aanbreek met sy wederkoms nie. Nee, die regering is deur God daargestel en hulle taak is om God en mens te dien. Die regering was ook daar voor die sonde en sal daar wees na die sonde! Wanneer Guido de Brés hier skryf is dit in appél op die Roomse Staat, om hulle te oortuig dat die gereformeerdes nie soos die Anabaptiste teen die gesag van die regering wil rebelleer nie, maar juis hulle Godgegewe gesag erken. Ons gereformeerde vaders was, net soos vandag, vasgevang tussen twee ekstreme. Aan die een kant die Anabaptiste rebelle wat met misbruik van die Bybel hulle eie koninkrykies wil BOU en aan die

ander kant die Roomse Regering wat met misbruik van die Bybel hulle eie koninkrykie wil HOU. Teenoor die Anabaptiste en die rebelse sektes van ons dag bely ons dat die Roomse regeerders van destyds en die ongelowige regeerders van nou, tog ook genadegawes van God aan die onderdane is (1 Kor. 12:28; Rom. 12:8; vgl. Calvyn Institusie, 4:20:4) wat gehoorsaam en geëer moet word (1 Pet. 2:17; Rom. 13:1vv). Aan die een kant beproef hulle ons geloof en aan die ander kant probeer hulle orde handhaaf. Alhoewel die pogings dikwels gehul is in verduisterde onkunde, filosofieë van donker Afrika en ‘n Ateïstiese Weste (vgl. Ef. 4:17-18) kan ons nie maak of ons nie die koning, al is dit nou sy naaktheid, raaksien nie. Dit is daarom dat ons vir hulle moet bid, dat God hulle insigte en kennis gee om te kom tot die ware kennis van die Seun van God.

### **PROFETE**

Daarom kan ons ook nie enige regering slaafs navolg en idealiseer nie. Ons moet soos Johannes die Doper die profetiese stem helder laat hoor, nie net teen die ou en nuwe vorms van die sondes van apartheid, die ongehoorde hoë persentasie van korrupsie, nepotisme en gebrek aan dissipline nie, maar ook teen die ellendige beleid van sinkretisme en relativisme. Dit is alles dinge wat nie getuig van die reinheid en edelheid van ‘n regering wat God verteenwoordig nie. Ons moet ook nie onself a-histories opstel teenoor die werke van God in die geskiedenis van Afrika en Suid-Afrika, asof die kerk van Christus in die verlede net die een euwel op die ander gepleeg het nie. Geen verantwoordelike wit of swart onderdaan of regeerder kan die heilige Kindjie, wat eeue gelede al op Afrika se bodem gebore is, saam met die badwater van gister uitgooi nie.

### **KONINGS**

Maar ons moet nie net bid nie, ons moet ook self manne oplei in die heilige geloof. Ons moet hulle oplei sonder om van hulle rebelle te maak (Efesiërs 6:1, 4; 1 Tim. 3:3), seuns en manne wat leiers kan wees om reg te maak in elke stad wat nog nie reg is nie (Titus 1:8).

Leiers en Godvresendes wat die waarheid praat, wat hard werk en gedissiplineerd is en wat staan teenoor die "leuenaars, die lui buike en die wilde diere" van die land (Titus 1:12). Manne en politieke leiers wat op elke plek heilige hande

kan ophef om te bid, sonder vegterye en met rein hande (1 Tim. 2:8).

In die hande van die staat gee God die reg van die swaard om die kwaaddoeners te straf, sodat daar vrees vir God kan wees. Die weerligstraal uit die hemel moet uit die

kabinet slaan! 'n Gesonde Bybelse regering kan weer 'n land na God laat soek. Dit kan ons vriend hierbo uit sy ongelooft en illusie bevry.

Ons kyk 'n volgende keer na die staat se roeping om sy weerlig ook teen die afgode te rig. ☩

## DIE GOD WAT LEEF

J Moes

### TEMA: STAD OP 'n BERG

**Hoe kan ons in ons tyd van ver-wêreldliking (sekularisasie), waar baie mense nie meer van die Christendom (wil) weet nie, die blye boodskap, die evangelie doeltreffend oorbring? Hoe kan ons in gesprek tree met mense wat sê dat geloof 'n privaat aangeleentheid is en dat hulle nie eintlik (meer) belangstel nie. Dis vrae wat toenemend op ons afkom. Dr Francis Schaeffer het in 1968 'n boek geskryf met die titel "The God who is there", die God wat werklik daar is, wat leef. Hierdie boek kan ons nog steeds help om die gesprek met die ongelowige oor die enige ware geloof aan te gaan. Na 35 jaar het ek die boek weer met belangstelling herlees. Sy gedagtes wil ons hier kortliks saamvat.**

Dr Schaeffer het in die tweede helfte van die 20e eeu baie indringende evangelisasiewerk gedoen, veral onder studente in Noord-Amerika en Wes-Europa. Naby Genève, in Switserland, het hy 'n toevlugsoord gestig ("l'Abri"), wat studente van oor die hele wêreld aangetrek het, om hulle (on)geloofsvrae met hom te bespreek en daar te studeer. Dr Schaeffer was 'n predikant van die Orthodox Presbyterian Church (OPC) in die VSA. Hy het 'n spesiale benadering ontwikkel in die uitdra van die evangelie. Hy het probeer aantoon dat die denk- en leefwêreld sonder God en sonder Christus noodwendig moet lei tot **uitsiglose wanhoop**. Nadat hy sy gespreks-genote hiervan oortuig het, is hulle reg om te hoor hoe hulle deur geloof in Jesus Christus van hierdie wanhoop kan oorgaan na 'n lewe wat 'n **vaste hoop** het en wat **sinvol** is.

In sy evangelisasie benadering moet die Christen hom verplaas in die denke van die ongelowige of twyfelbaar, in die sin van: "Stel dat jy reg sou wees en dat daar nie 'n werklike persoonlike God sou bestaan nie, dan sou dus ...." Hy voer sy gespreksgenoot dan na die logiese (en verskriklike) gevolge van 'n lewe sonder God. Slegs as die gespreks-genoot sy eie ellende en wanhoop raaksien (want hy ken dit nie, soos die gelowige, uit die wet van God nie, Rom. 7:7 en Sondag 2 HK), dan eers sal die Christelike boodskap van ver-lossing en genade doeltreffend kan wees. In dié opsig moet die gelowige dus "listiger wees as die slange", om met maksimum trefkrag die evangelie oor te dra op die moderne ongelowige mens. Dit neem natuurlik nie weg dat uiteindelik die Heilige Gees die geloof moet gee, maar die gelowige moet ook in sy evangelisasie taak God dien met sy hele verstand.

In die eerste deel van sy boek gee Dr Schaeffer die fondament van sy benadering. Dit is 'n baie gestruktureerde weergawe van die westerse kultuurgeskiedenis (wat ook gevind kan word in een van sy vroeëre boeke "Escape from reason"). Hy toon aan dat ongeveer 100 jaar gelede die westerse denke grondig begin verander het. Die basis hiervan is reeds vroeër gelê deur die filosofe Kant, Hegel en Kierkegaard. In die tyd voor hierdie denkers het mense in die westerse wêreld die begrip "**antitese**" aanvaar in hul denke. Hierdie "antitese" wil sê daar is **absolute waarhede** en **absolute norme**, en hulle staan bokant die mens. As iets waar is, is die teen-



oorgestelde onwaar. As iets goed is, is die teenoorgestelde verkeerd. Dit word ook so in die Bybel aangetref.

Die Duitse filosoof **Kant** stel egter dat die suiwer menslike verstand die hoogste basis van die waarheid is. By implikasie is die waarheid dus nie iets wat absoluut is en bo die mens staan nie. **Hegel** kom vervolgens met die verwerping van die antitese en vervang dit met die sintese. Die waarheid is nie absoluut nie, maar word bepaal deur sintese van teenoorgestelde sake. Hier lê die punt van radikale verandering in die westerse denke (hoewel aanvanklik nog slegs by filosofe). **Kierkegaard**, die vader van die eksistensialisme, voer Hegel se uitgangspunt konsekwent deur en beweeg daarmee, volgens Schaeffer, oor die grenslyn van die wanhoop: daar is geen absolute sekerhede meer nie. Die latere eksistensialiste probeer hulle (valse) hoop en vastheid vind in 'n "finale beleving", wat egter nie met ander gedeel of gekommunikeer kan word nie. Hierdie "finale beleving" het o.a. gelei tot die wydverspreide gebruik van dwelms en selfs tot selfmoorde.

Nadat die basis vir hierdie denke gelê is in die filosofie, volg daarna dieselfde ontwikkeling in die beeldende kunste, die musiek, die algemene kultuur en (heel laaste) die teologie (deel 2 van die boek). Dit voer te ver om hierdie ontwikkelings in detail weer te gee. Schaeffer toon aan dat die ontwikkeling van absolute waarheid en norme na wanhoop en mistiek in bogenoemde kultuur uitings duidelik waargeneem kan word. En ten slotte val ook die basison van Christelike absolute waarhede met die moderne teologie. Dit is opmerklik dat ons so 50 jaar na die VSA en Europa, dieselfde in Suid-Afrika sien gebeur. Die nuwe teologie het 'n teologie van die **wanhopige en mistieke soeke na**



**waarheid** geword. Vaste en objektiewe waarhede en norme kan egter nie vanuit of binne die mens self gevind word nie. Opmerklik vind Schaeffer dat moderne teoloë (hy noem hulle “metaphysical magicians”, bonatuurlike goëlaars), nadat hulle die absolute waarheid vir wanhoop ingeruil het, hulle nou geroepe voel om betrokke te raak by die samelewing en die politiek. Hy noem daarvoor ‘n aantal argumente.

In die derde deel van sy boek stel Schaeffer die historiese Christendom teenoor die nuwe teologie. Hy stel dat die natuurlike mens sekerhede soek. Dit vorm deel van sy geskape natuur. ‘n **Persoonlike God** het ‘n **persoonlike mens** geskape. Vanuit hierdie stelling vervolg hy met ‘n aantal afleidings. Die eerste is dat daar dan ook kommunikasie tussen hierdie Persoonlike God en die persoonlike mens moet wees. God gebruik dit om die doel van die mens se bestaan aan hom te verduidelik en om waarhede en norme aan die mens oor te dra. God se openbaring in die Bybel is die ontwikkeling van ‘n verifieerbare (heil)geskiedenis. Die mens kan dus absolute objektiewe kennis kry uit God se openbaring.

Maar as dit nie meer aanvaar word en ‘n vaste waarheid nie meer bestaan nie, dan word die lewe en die bestaan sinloos en absurd. Nihilisme is dan die uiterste konsekwensie. Dit word egter deurgaans nie in die praktyk van die lewe as logiese konsekwensie aanvaar nie. Daarom stel Sir Julian Huxley (inkonsekwent) voor: “God is dood, maar leef as mens asof Hy wel daar is”. Christene moet die moed hê om die inkonsekwentheid aan te spreek, sê Schaeffer.

Die **persoonlike** basis van die verhouding tussen God en mens onderskei die mens van die diere (dus geen evolusieteorie). Slegs omdat die mens in ‘n persoonlike verhouding met God geskape is en omdat daar **liefde** betrokke is in die verhouding, red God die mens uit sy sonde deur sy eie Seun daarvoor te laat betaal. Die menslike liefde is nie ‘n produk van toevallighede in sy ontwikkeling nie. Liefde gee

betekenis, skoonheid en verwondering aan die menslike bestaan.

Die **moderne teologie** gebruik nog wel die vertroude Bybelse woorde, soos skuld, sonde, regverdiging en versoening, maar die betekenis daarvan is heeltemal anders. Die antitese tussen ‘n lewe sonder God en die verlore lewe met God het verdwyn, en daarmee ook die vaste en absolute moraliteit. Die moderne mens moet ‘n sprong in die duister neem en op een of ander manier, sonder betroubare basis, glo dat God liefde is. Die gelowige se vastheid lê egter in die Bybel, as betroubare en werklike kommunikasie tussen God en mens, en tekste soos Rom. 3:26 verklaar die mens se regverdigmaking.

Die plek waar die Christen kan inval in sy gesprek met die nie-Christen of moderne Christen, is die **spanningsveld** wat daar bestaan tussen die logiese konsekwensies van sy oortuiging en die werklikheid waarin hy leef. Sy menslikheid en die geskape werklikheid om hom dwing hom om afstand te neem van die teoretiese sonloosheid van sy bestaan. **Evangelisasie** kan begin met die aanspreek van hierdie spanningsveld. Dit is nie altyd maklik nie en die werking van die Heilige Gees is nodig om die ander se oë oop te maak vir die inkonsekwente leegheid en sinloosheid van sy bestaan. Die mens moet insien dat daar vaste en werklike waarhede bestaan, dat die natuurlike mens werklike skuld het voor God en dat daar ‘n werklike geskiedenis is wat die mens se verlossing beskryf.

Schaeffer meen die beste benadering van die moderne mens is om by sy eie bestaan te begin en aan te toon dat, as hy leef in ‘n geslote wêreld, waar God, sonde en verlossing nie ‘n plek het nie, die uiteindelijke konsekwensie is dat sy lewe sinloos en absurd is. Eers nadat dit gebeur het kan die waarhede en oplossing van die Bybel ter sprake kom. As die Bybelse waarhede verkondig word sonder hierdie voorbereiding, kan die boodskap tot onbegrip lei en geen effek hê nie. Die eerste punt van oortuiging moet wees: “God bestaan werklik” en eers daarna:

“aanvaar Christus as jou Verlosser”. Met God se seën kan dan die antitese van Joh. 3:36 terugkom in die lewe van die gespreksgenoot en kan hy oorgaan van die ewige dood na die ewige lewe, deur geloof in Jesus Christus.

Bostaande gee ‘n kort oorsig van die inhoud van die boek. Ter beoordeling kan ons opmerk dat Dr Schaeffer ‘n sterk geskematiseerde weergawe gee van die westerse kultuur van die laaste eeu. Sy kernpunt is die stelling dat daar ‘n verandering plaasgevind het met betrekking tot die begrip waarheid. Die moderne gesekulariseerde mens sal dus nie meer aangespreek word deur die tradisionele “verkondigende” of “getuigende” vorm van evangelisasie nie. Deur sy eie lewe en besieling het Schaeffer laat blyk dat dit vir hom erns was. Maar vir ons in Suid-Afrika is daar verskillende kultuurwêreldes waarin die evangelie verkondig moet word en wat elkeen sy eie benadering vereis.

Dr Schaeffer dink sterk rasioneel, sowel in sy ontleding van die moderne denke en leefwêreld, as in die aantoon van die kernwaarhede van die Bybel en die Christelike geloof. Dit het verseker sy beperkings, veral as ander, met minder gawes en besieling as hy, sy metode wil volg. Die geskiedenis het ook herhaaldelik gewys dat die bestaan van God nie rasioneel aangetoon kan word nie. Uiteindelik moet die geloof deur die Heilige Gees gegee word. Maar Christene kan wel gebruik maak van Schaeffer se metode en oproep om die sinloosheid van ‘n bestaan sonder God aan te toon en die teenoorgestelde voor te leef.

Die boek help in die herkenning van die denkbeelde van die moderne teoloë in Suid-Afrika, waar subjektiwiteit en beleving meer en meer die waarheid en norme bepaal. En daarmee saam die besef dat as dié opvattinge konsekwent toegepas word, die uiteindelijke gevolgtrekking moet wees dat die lewe sinloos en absurd is. Slegs geloof in God, soos Hy Hom openbaar in sy werklike, geskiedkundige en betroubare Woord, lei tot ‘n sinvolle en doelgerigte lewe. ☩

# LITURGIE

## - Luister na die sleutel

H. Walinga

### LITURGIE

Kom ons stel 'n gereformeerde Top Tien van die mees bespreekte sake in ons lewens op. Gesondheid op nommer 1? Of besig-besig-besig by die werk en in die kerk? Huis en vakansies op nommer 2? Of die motor en die TV op 'n gedeelde tweede plek? Watter plek sal die preek inneem? As ons die stories kan glo, het die preek vroeër 'n hoë plek ingeneem. Ek weet van verskillende mense waar die preek nou ook nog elke week twee keer uitgebreid bespreek word.

Nee, dit is nie my taak om riglyne te gee oor hoeveel keer ons oor die preek moet praat nie. Dit is wel my taak om die belangrikheid van die preek in die raamwerk van die liturgie aan te gee. En dit is belangrik. Daar word soms gesê dat die preek die hart van die gereformeerde erediens is, die kragentrale vir die nuwe week. Dit is 'n sterk uitdrukking. Dit wys daarop dat die preek net so belangrik is vir 'n Christen, as gesondheid vir 'n goed-funksionerende persoon of as petrol vir jou motor. 'n Siek mens funksioneer nie goed nie en 'n motor sonder petrol staan net sinloos 'n parkeerplek vol. Funksioneer u goed sonder 'n preek? Voel dit asof u sinloos geparkeer staan as u nie op Sondag die Woordverkondiging hoor nie?

Daar is in die verlede al baie oor die karakter van die prediking gepraat en geskryf. Vir Calvin was dit baie belangrik: hy noem die preek die eksklusiewe middel waardeur ons die heil in Christus deelagtig word. Ander het meer aardse gedagtes gedink, soos die stadsbestuurders van Enkhuisen en ander plekke in Nederland, waar 'n sandloper op die preekstoel gestaan het, sodat die predikant nie te lank preek nie. In Amsterdam was daar selfs 'n boete vir die predikant wat nie betyds die "Amen" kon inkry nie! Uit eie ervaring weet ons almal dat sommige lang preke verby is voordat jy dit besef. Ook andersom: 'n

kort preek met baie herhalings vat altyd te lank.

In die vorige hoofstuk het ek geskryf oor die skriflesing in die erediens. Baie van die dinge wat ek daar genoem het, geld ook vir die preek: deur die geskiedenis is daar wisselende belangrikheid aan geheg. Vanaf die Reformasie neem die preek weer 'n groot plek in die liturgie in. Die "Verbi Divini Minister" (dienaar van die Goddelike Woord, m.a.w. predikant) *bedien* die Woord. Hy *dien* ook die gemeente, deur die Woord aan haar uit te lê en toe te pas, om daaruit troos en vermaning aan te bied.

Ons mag nie onderskat wat besig is om hier te gebeur nie. Ons mag dit ook nie normaal vind nie. Want terwyl hy so dienend besig is, open hy die hemeldeur vir mense wat die evangelie en/of vermaning aanneem en hy sluit die deur vir hulle wat die boodskap verwerp of ignoreer. Dit is sy amptelike taak. Die gemeentelede se taak is om by elke preek (vervelig of boeiend, prakties of teoreties, geskik vir kinders of slegs vir die geoefende luisteraar) te sien dat die deur oopgaan. Dit is 'n groot werk om die deur oop te maak. Dit is ook 'n groot werk om die deur te sien. Aktiwiteit. Niemand mag sê: "Dit het niks vir my beteken nie" – want die ampsdraer het wel die deur oopgesluit – of toe gesluit.

Kan u die liturgiese betekenis hiervan sien? Op die preekstoel staan nie maar net Jan, Willem, Dick of Henk nie, nee, daar staan 'n sleuteldraer. En in die gemeente sit nie maar net Marieke, Hans of Ellen nie. Nee, daar sit profete, priesters en konings wat 'n uitsig kry op die hemelse heerlijkheid. Dit is 'n swaar verantwoordelikheid vir die preker en die luisteraar! Vir die voorganger: maak hy die deur net op 'n skrefie oop of gooi hy dit wawyd oop? Sluit hy die deur versigtig, sodat hy nie die mense



seer maak nie of gooi hy dit af en toe hard toe? Dit is belangrike vrae. En vir u, die luisteraar: probeer u om deur die smalste skrefie in te sluipe? Of wag u op 'n deurtjie waarvan u dink dat dit geskik is vir u? Of stap u deur die amptelik geopende deur met die houding van: "Los maar, ek kan dit self regkry"?

Nou is ek tog besig om 'n riglyn te gee, terwyl dit nie my bedoeling was nie. So gaan dit outomaties met 'n preek: dit vra om aktiwiteit. Daar mag nie 'n preek gehou word wat niks teweeg bring nie. Daar mag ook nie 'n preek ontvang word sonder dat u 'n bietjie meer uitsig op die hemel gekry het nie. Wanneer ons dan moet sê dat die preek niks beteken het nie, dan mag ons positief-krities na die predikant kyk. Maar dit sal goed wees as ons dit eers doen wanneer ons onself waargeneem het. Hoe het ek vanoggend in die kerk gesit? Met my oë gerig op die hemeldeur wat vir my moes oopgaan?

Wanneer ons dan op 'n positief-kritiese manier na die prediker kyk, moet ons ook onthou dat nie elke predikant dieselfde gawes gekry het nie. Elke luisteraar het ook nie dieselfde vermoëns nie. Daar bestaan 'n spreuk wat sê: "n Goeie outeur is net so skaars soos 'n goeie leser." Ons sou dit ook kon toepas op die prediker en die luisteraar. Dit is 'n kompliment vir die gemeentes waar daar baie goeie preke gehoor word. Daar is dus ook baie goeie luisteraars.

# “NOGTANS ...”

## - Oor die profesie van Habakuk

E van Alten

### BYBELBOEK BEKENDSTELLING

**“Die Godspraak wat Habakuk, die profeet, gesien het” – dit is al wat ons van hierdie man vertel word: sy naam en sy amp.**

Maar blaai ons in die apokriewe boeke rond, kom ons af op ‘n aanhangsel by die boek Daniël, genaamd *Bel en die draak*. In hierdie verhaal word Daniël, omdat hy weier om die god Bel en die draak te aanbid, in die leeu kuil gegooi. Die profeet Habakuk, wat in Judea besig is om brood en sop te berei, word opgedra om hierdie voedsel na Daniël in Babilonië te bring. Op Habakuk se protes dat hy nog nooit in Babilonië was en nie weet waar die leeu kuil is nie, word hy deur die engel van die Here aan die kruin van sy hare vasgevat en na Babilonië gevoer. Nadat hy die

#### **(vervolg vanaf bls 10)**

Ten slotte: die prediking is die duidelikste deel van die liturgie waaraan ons kan sien dat die liturgie nie beperk word tot die eredienste nie. Die preek gaan saam huis toe. As dit goed is, gaan u daarmee aan die werk in u persoonlike liturgie, u persoonlike diens. U vertel dit verder of praat met mekaar daarvoor. Want die hemel deur moet ook op Maandag en Dinsdag oopgaan. Nie net vir uself nie, maar ook vir u gesin en selfs vir u bure en kollega's.

God se groot daad wat elke Sondag in herinnering gebring word, is nie net Sondagsdaad nie. Die troos en die vermaning het 'n verdere reikwydte as slegs tot die koffie na die erediens.

*Hierdie artikel is 'n bewerking van die sesde hoofstuk uit die boek van H. Walinga: Liturgie, vorm op Zondag, voorbeeld in de week. Met toestemming van die outeur vir Kompas vertaal en bewerk deur Karina Ijlst. ☩*

kos aan Daniël oorhandig het, word Habakuk deur die engel na sy woonplek teruggebring.<sup>1</sup> 'n Twyfelagtige verhaal? Sekerlik, maar wanneer ons in hierdie maand se uitgawe 'n kykie neem in die profesie van Habakuk, is dit opvallend dat die profeet, soos in die apokriewe geskrif, ook met Babilonië gekonfronteer word; en wanneer Babilonië 'n onoorkombare obstruksie blyk te wees, tel die Here Habakuk as't ware aan sy hare op en gee hom uitsig en perspektief...

#### **PROFETIESE KLAG EN GODDELIKE BELOFTEWoord (1:1-2:20)**

In 1:2-4 kla Habakuk oor die sosiale wanorde en morele verval in Israel.<sup>2</sup> Dit was waarskynlik tydens die bewind van koning Jojakim wat in daardie tyd regeer het.<sup>3</sup> Habakuk sê eintlik: “Here, kyk hoe gaan dit in ons land; die regverdige word vertrap en niemand vra meer na U wil nie; almal bevredig slegs hul eie genot.” In antwoord op Habakuk se klag belowe die Here in 1:5-6 dat Hy die Chaldeërs (die Babiloniërs) sal stuur om sy volk te straf.<sup>4</sup> In 1:7-11 volg dan 'n lewendige beskrywing oor die manier waarop hierdie volk te werk gegaan het: hulle was wreed en meedoënloos; hulle het geweld gepleeg en gevangenes versamel soos sand; hulle het met konings die spot gedryf en vestings ingeneem.

Maar Habakuk is nie tevrede nie (1:12-17). Is dít nou God se manier om in te gryp in die toestand van sy volk? Wil die heilige God 'n onheilige en barbaarse nasie gebruik om sy volk te straf? Wat help dit die regverdige? Habakuk meen om aan die Here te toon dat die regverdige op hierdie manier nog net slegter daaraan toe is. Die Here wys egter aan Habakuk dat Hy in sy wysheid besluit het om die

Chaldeërs te gebruik om sy volk te straf, maar dat die Chaldeërs self óók gestraf sal word omdat hulle hul aan die volk van die Here vergryp het. Hoe dan anders as iemand nie die Here nie, maar sy eie krag as god het (1:11), as iemand se siel nie in die Here rus nie, maar opgeblase is in homself (2:4)?

Habakuk verkeer hier in 'n situasie van uitsigloosheid: in sy eie land is daar morele verval en nou is daar ook nog die vreesaanjaende gevaar van die Chaldeërs wat die land kom inneem. Maar in hierdie uitsigloosheid vra die Here van sy profeet geloof; geloof wat gegrond is in sy woord, want “die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe” (2:4).<sup>5</sup> God het belowe dat Hy die morele verval sal straf deur middel van die Chaldeërs, en dat Hy die Chaldeërs ook op die vasgestelde tyd sal straf (2:3), en daarom *sal* dit gebeur!

Hy is immers die God wat belowe en dit gebeur? Hy is mos die Betroubare wat spreek en dit staan daar? Wanneer die Here in 2:6-19 “wee!” roep oor die Chaldeërs en voorspel wat Hy met hulle gaan doen, dan is dit meer as ydele grootpraterij; dan bedoel die Here werklik “wee!”; dan is sy woorde van straf 'n werklikheid vir die Chaldeërs. Want dit is die Here, wat in sy heilige tempel sit, wat hier spreek – swyg daarom, o ganse aarde (2:20) en luister na sy betroubare woord. Swyg en luister, want Hy wat daar spreek, weet waarvan Hy praat...<sup>6</sup>

#### **SWAK GELOOF EN HISTORIESE BEVESTIGING (3:1-15)**

God gee sy beloftewoord – hierdie woord behoort alle twyfel by ons weg te neem. Maar God ken ons swak geloof; Hy weet hoe maklik ons in allerhande twyfels verval. En daarom gee die Here nog 'n ekstra bevestiging vir ons geloof, naamlik sy daad in die geskiedenis. Habakuk wys hierop in sy gebed van hoofstuk 3. Habakuk word bemoedig wanneer hy voor sy geestes-oog verskillende gebeurtenisse uit die heilsgeskiedenis sien verbyflits. Dit beskryf hy dan ook in




beeldende taal in 3:1-15. In verse 3 en 4 gee hy 'n beskrywing van God se verskyning wat soortgelyk is aan sy verskyning op die berg Sinaï in groot heerlikheid; in vers 5 lees ons van die pes en die koorsgloed wat geassosieer word met die plae in Egipte; verse 8-10 herinner aan die trek deur die Rooi See; by vers 11 kan ons dink aan Josua 10 waar die Here die son laat stilstaan het; en verse 12-14 kan dui op die oorwinning oor die nasies by die intog in die land Kanaän.

Habakuk sê in werklikheid: "God is trou aan sy woord, ek glo dit. En ek kan dit ook sien in die geskiedenis, in God se magtige daade deur die eeue. Ek kan dit met my vinger aanwys wanneer ek die geskiedenis nagaan. En dit bevestig slegs my geloof in God se trou." Habakuk word in sy geloof aangeemoedig deur die *feite*, die feite van die geskiedenis en die feite van God se werk daarin. En in hierdie feite word Habakuk bevestig in sy geloof dat God *wéér* sal optree tot verlossing van sy volk. Soos God daar opgetree het, so sal Hy dit weer doen, want Hy is gister en vandag en môre dieselfde. Hy weet: dit is my God wat ter wille van my en al sy kinders hierdie dinge gedoen het en *weer* sal doen. God se werk in die Here Jesus, sy werk in elkeen se persoonlike lewensgeskiedenis en sy werk in die kerk van Christus dien vir ons as bevestiging van sy beloftewoord.

### **TRILLENDE LIPPE EN OPREGTE LOF (3:16-19)**

Habakuk se lippe tril en sy maag trek op 'n knop (3:16) – daar is by hom diepe ontsag vir God, gespanne verwagting dat Hy weer sal optree. Maar ook vrees in die aangesig van die aanstormende Chaldeërs. Ten spyte van die vrees kan Habakuk jubel: "Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie –



nogtans sal ek jubel in die HERE, ek sal juig in die God van my heil" (3:17-18). Habakuk het grond vir 'n jubelsang, *dúbbele* gronde: God se woord én sy werk in die geskiedenis.

En die omstandighede dan? Die omstandighede het nog niks verander nie; die gevaar van die aanstormende Chaldeërs is nog net so reëel. En Habakuk wys in 3:17 dat die omstandighede moontlik nog kan vererger; Habakuk noem in hierdie vers alle moontlike lewensmiddele wat in Israel verbou is, die basiese produkte vir oorlewing. 'n Mens moet in 'n landbou-omgewing woon om die ellendige situasie te verstaan wat hier beskryf word; dit is 'n ramp op totale skaal. Maar selfs hierdie basiese lewensmiddele kan vir Habakuk se part maar ontbreek, want hy het geleer waarin sy heil en krag lê: in stil wees en vertrou (Jesaja 30:15-16). Habakuk het geleer om te jubel en bly te wees, nie in die kwaliteit of kwantiteit van die seëninge of in die omstandighede wat God gee nie, maar in God self. Ons kan jubel, ook al lyk die toekoms onseker en ook al weet ons nie wat op ons wag nie. En waarskynlik gaan dit nog moeiliker raak. Nogtans, ten spyte van al hierdie dinge, mag ons jubel in die Here en juig in die God van ons verlossing – Hy het dit belowe en Hy het dit ook bewys.

Ná sy klagte en vrae in hoofstuk 1 en 2, bring die geloof in God Habakuk in hoofstuk 3 tot 'n lied. Vanuit die diepte van onsekerheid eindig Habakuk nou op die hoogtes van geloof. Geloof wat nie weet wat die toekoms sal bring nie, maar wat wel weet Wie die toekoms sal lei.

En daarom kan Habakuk ook van sy lied 'n lied vir die hele volk maak. Hy sê immers: "Vir die musiekleier op snaarinstrumente" (3:19).<sup>7</sup> Hierdie lied word deur Habakuk bedoel as 'n lied vir die volk tydens die tempeldiens. En dit sê Habakuk terwyl hy so pas die boodskap gekry het dat die Chaldeërs die volk gaan verwoes. Is dit nie dwaasheid nie? Is Habakuk nie onrealisties nie? Wie wil 'n volkslied skryf wanneer die volk naby aan uitwissing is? Hy wat glo in God se beloftes. Die "nugtans" van die geloof (3:18) bring lof op die lippe van die kerk. Die *doxa*, die lof op God, sou 'n baie groter plek in ons kerklike lewe moet inneem. Wie anders as die gelowiges kan immers roem op 'n God wat uitkoms gee ten spyte van alle gevare? Wie anders as die kerk kan roem op nuwe lewe deur God se eie Seun? "Vir die musiekleier op snaarinstrumente..." – daarmee eindig Habakuk se profesie, maar daarmee begin die loflied van die kerk. Kom, laat ons sing... ✠

<sup>1</sup> *Bel en die draak*, verse 33-39.

<sup>2</sup> Sien soortgelyke klagtes in Psalm 10:1 en 13:2-3.

<sup>3</sup> Sien oor Jojakim en sy gruwelike daade 2 Konings 23 en 24, asook Jeremia 22:13-19.

<sup>4</sup> Hierdie aanwysing help ons om die profesie van Habakuk te dateer. Die Chaldeërs was die Babiloniërs wat die volk Israel eers in 597 v.C. en daarna weer in 586 v.C. in ballingskap weggevoer en die stad Jeru-salem verwoes het. Ons kan die tyd waarin Habakuk geprofeteer het, waarskynlik die beste tussen 605-600 v.C. plaas.

<sup>5</sup> Hierdie uitspraak word deur Paulus oorgeneem as die sentrale tema van die brief aan die Romeine (Romeine 1:17).

<sup>6</sup> Hierdie formule keer onder andere terug in Sefanja 1:7 en Sagaria 2:13.

<sup>7</sup> Sien vir hierdie selfde formule onder andere Psalm 61:1.

# KORRESPONDENSIE MET DIE OWERHEID

Wat skryf artikel 36 van die NGB voor aan die staat oor sy swaard?

Ds. P Nel

## SAMELEWING

As ons in die artikel besin oor korrespondensie met die owerheid klink die woord "korrespondensie" na "skryf", "briewe skryf". Dit klop, want ons sinode skryf soms briewe aan die owerheid. Ons kan skryf verder vat en sê korrespondensie is selfs om "voor te skryf" ook. Ons sinode het byvoorbeeld in 1978 (via sy deputate) aan die Eerste Minister 'n brief van vermaning geskryf. Ons kerke skryf sy edele daarin voor met die gesag van Christus en wys dat die regering nie met die verkoop van bonus obligasies mag voortgaan nie. Bonus obligasies was immers iets wat neergekom op 'n tipe lotery. Die regering het geld nodig gehad vir wapens vir die weermag, want ons land was op daardie stadium in 'n oorlog gewikkel. Die ministerie skryf toe terug, dat alhoewel hulle ons voorskryf respekteer, hulle van ander oortuiging is en dus voortgaan daarmee. Ons kan dit opsom deur te sê dié korrespondensie met die owerheid was 'n oor en weer geskrywery. Ons het vir die staat geskryf en hulle het ons voorskryf afgeskryf. Ons het voorgeskryf dat hulle hulle swaard met goeie geld moet bekom en hulle het geantwoord dat hulle hulle swaard (ook) met dobbelgeld gaan aanskaf.

### WOORDE MET TANDE

So 'n tipe briefwisseling tussen kerk en staat kan egter veel ernstiger afmetings aanneem as net oor die loterygeld waarmee hulle hul swaard mag koop. Trouens "korrespondensie" met die owerheid beteken in werklikheid veel meer as dat die kerk vir die staat briewe skryf. Dit behoort in werklikheid 'n voortgaande *gesprek tussen* kerk en staat te wees oor wat Christus aan hul beide voorskryf.

In NGB Artikel 36 bely ons dat Christus die staat veel meer as die verbod op lotery voorskryf. Ons mag daarom as kerk van die owerheid

verwag om nie net sy swaard met goeie geld te koop nie, maar ook om die kerk met die swaard te beskerm en te steun en selfs die magte wat daarteen gerig is met die swaard te bestry!

Wanneer 'n mens lees wat die kerk hier aan die staat skryf, sit jy op die punt van jou stoel. Jy lees dat die staat die taak het om "*alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die Antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder*". Dit is groot woorde. Die staat moet die afgodery "teë gaan", "uitroei" en "vernietig". Dit klink mos na oorlog en bloedvergieting. Jy sien in jou geestesoog die ontblote swaard van die regering wat neerkom op die nek van ander godsdiens in jou land en jy wonder: Moet ek van die regering verwag om heidene te onthoof!? Korrespondeer ons in artikel 36 werklik Bybelse taal of is dit eerder voorskrifte van rebelle? Toemaar, as jy hieroor gewonder het is jy nie al een nie! Artikel 36 is al dikwels met agterdog bejeën in die verlede. Dit is selfs deur prominente gereformeerde mense so verstaan.

### WEGGELAAT DEUR DIE GKN IN 1905

Die Gereformeerde Kerken Nederland, dus die kerk waaruit die Vrygemaaktes stam, het reeds in 1905 ook geworstel het met die "gelaaide" woorde. Die staat moet "*alle afgodery en valse godsdiens teengaan en uitroei, en die ryk van die Antichris vernietig en die koninkryk van Jesus Christus bevorder*". Hulle besluit dan uiteindelik om die sinsnede uit die Belydenis te laat val! In dié besluit maak hulle die teks van die NGB dus 'n bietjie anders, ietwat minder aggressief geformuleer, as dié van die ander kerke in Nederland, soos die Nederlands Hervormde Kerk en die Christelik Gereformeerde Kerke. Hulle verskil dus ook van die Suid-



Afrikaanse Gereformeerde kerke wat dit betref. Was hulle reg? Skryf ons dus iets voor aan die staat wat onbybels is?

Die rede vir die weglating word in die aanvanklike gravamen van (so vroeg as) 1896 aangetref. Die beswaardes wat die gravamen onderteken is ook glad nie onbekendes nie. Dit is gerespekteerde manne soos F.L. Rutgers, L. Lindeboom, P. Biesterveld, A. Kuyper, H. Bavinck en M. Noordtjiz. Hierdie gerespekteerde gereformeerde voorouers van ons meen dat 'n eerlike lees van die frase sal vereis dat hulle hulle gewete sal moet onderdruk. Die kerk (hulle) sal iets van die wêreldlike owerheid moet vereis wat onskriftuurlik is. Dit is dat die Christen die staat deur Woordverkondiging sal moet verplig om fisies alle afgodery en valse godsdiens met die swaard uit te roei.

### CALVYN EN SERVÉT

Selfs Calvyn is al dikwels verwynt as voorloper van die bloeddorstige voorskryf in artikel 36. Hy word dikwels verteken as die wrede

teregsteller van Michaël Servét. Servét was 'n loënaar van die Drie-Eenheid, wat uit gevangenskap in Frankryk gevlug het vir die Roomse owerhede. In Genève aangekom het hy met Calvyn en die stadsvaders van Genève gebots in leer en lewe. Op grond van Calvyn se getuienis besluit die streng owerheid van Genève om die opruiende Servét tereg te stel. Dit was glad nie 'n uitsondering nie en was die gebruik was in daardie tyd'. Eeue later, in 'n rapport wat voor die GKN gedien het in 1905, het sekere mense dit steeds teen die gewraakte sinsnede uit artikel 36 NGB. Hulle wil aantoon dat die sinsnede oorspronklik uit Calvyn se pen kom. Dit suggereer dat selfs Calvyn die staat verplig het om ketters summier voor die voet met die doodstraf te vergeld. Hulle slaag in hulle doel en dié belangrike sinsnede van die NGB val weg uit die GKN se belydenis.

#### 'n FOUTIEWE WEGLATING

Die betoog was egter van alle waarheid ontbloot. Calvyn het nie self die doodstraf gekies vir Servét

nie, maar die stadsvaders van Genève. Calvyn maak dit ook in sy werke baie duidelik dat die doodstraf slegs moes geld vir diegene wat hulle aan die grofste misdade skuldig maak. Daarvan kan ons vandag steeds nie verskil nie! Reeds professor Hönig, 'n geleerde op die 1905 sinode, kla dat die NGB "geamputeer" is en dat niks in die plek daarvan gekom het nie. Professor Klaas Schilder beaam dit jare later.

Die swaard waarheen die artikel wys is die swaard van die reg (Latyn: *ius gladii*) en nie noodwendig die fisiese opneem van wapens nie. Soos Schilder dit stel: *Al heeft de beul het hele jaar vakantie, dan kan de Overheid nog haar zwaardrecht uitoefenen. Want met dat zwaard heb je ook te maken bij de handhaven van de zondagsrust, bij belasting betalen en by keet maken op straat na twaalf uur*<sup>2</sup>.

Ons moet in alle dringendheid met die staat korrespondeer oor haar

swaard. Ons moet haar in nederigheid en liefde herinner aan die swaard wat Christus haar gegee het (Rom. 13:1vv; Ps. 2; Ps. 45; Ps. 110) Dié swaard van die reg is die magtige wapen wat die godvresende staat daagliks moet trek teen onreg, leuens en bedrog. Dit is die swaard wat Calvyn voor gepleit het, wat reg laat geskied en wat die doodstraf vir moord mag uitvaardig, wat vrede bring (1 Tim. 2:1vv). Ja, soms sal die regswaard ook 'n gevegswaard word, maar dan in uiterste omstandighede.

Slotsom: Die swaard van die staat in artikel 36 NGB is in die eerste plek die regswaard, die reg en regspraak wat God in die Skrif aan die owerhede voorskryf. Dit is die vlymskerp swaard van Hebreërs 2:14. Vir die swaard moet ons bid, want wat anders sal Afrika en die wêreld werklik die oorwinning oor die duisternis gee? ✠

<sup>1</sup> Vgl McGrath, 1990:141.

<sup>2</sup> Schilder, ongedateer:117.



**FOLMER BOEKHANDEL**

19e Laan 283, Villieria  
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031  
Faks 012 329 5927

#### DIE PSALMS SING VAN CHRISTUS

Dit is 'n dagboek waarop ons gewag het! Prof V E d'Assonville het 150 dagstukke oor die Psalms geskryf.

Johannes Calvyn het gesê: 'Daar is geen ander boek soos die Psalmboek nie.' Dit is lewensomvattend, alles van die mens se lewe word beskryf. Dit gaan oor God, die Skepper van hemel en aarde. Dit dek die hele geskiedenis van die mensdom. Dit gaan oor konings, priesters en profete, oor geboorte, lewe en dood, oor God se genade, ons sonde, berou en bekering . . .



En die belangrikste van alles:

#### **Jesus Christus ons Verlosser word verkondig!**

Pragtige leesstukke om die dag mee te begin of af te sluit. Ook geskik vir Bybelstudie. 194 ble, R90 (indien die boek gepos moet word, R105)

VAN DER WAAL, C: De wereld, onze woning – christen tussen schepping en herschepping. Die titel van hierdie boek laat dink aan die titel van die Afrikaanse boekie "Die wêreld is ons woning", die eerste bladsye is ook enigsins in dieselfde gees geskryf, maar die res van die boek is heeltemal anders, so skryf die uitgewer.

Hoofstukke: Beperk het Nieuwe Testament onze cultuurtaak? Antichrist en eindtijd; Continuïteit tussen hiernumaals en hiernamaals? Verbond en kultuur; Hetgeen we bereikt hebben, in dat spoor dan ook verder! (Zeg ja tegen de schepping, Geef aan God wat van God is. De volharding der heiligen), R140

#### **Ander takke van Folmer Boekhandel:**

Folmer Boekhandel  
(Kaapstad)  
(Petro Drijfhout)  
Bondstraat 7  
Oakdale, Bellville  
7530  
Tel 021 – 948 5883





# Musiek en erediens (III)

Dr. J. Smelik

## MUSIEK

### BETEKENIS VIR VANDAG

Die Ou-Testamentiese kerkmusikale reëlins verskaf nie 'n bloudruk vir ons praktyk nie. Soos ek dit al die vorige keer gestel het: die manier waarop die kerkmusiek in die tempel gereël en uitgevoer is, dien nie as 'n norm vir ons kerkmusikale praktyk nie. Die betekenis van die gebod van Dawid vir ons is daarom ook nie dat ons aan bepaalde musiekvorms gebonde sou moet wees nie.

Uit die vorige paragraaf het dit al duidelik geword watter betekenis die gebod van Dawid wel vir die hedendaagse kerkmusikale praktyk het. Vir ons praktyk beteken die gebod heel konkreet dat ons aandag het vir sowel die kontinuïteit as die kwaliteit van die musiek wat in die liturgie opklink.

Dat die lof vir die Here *permanent* deurgang moet vind, hoef nie eens bespreek te word nie. Dit is vanselfsprekend dat jy as kerk daarvoor sorg dat die lofsang gaande gehou word. Vanuit hierdie gedagte word dit byvoorbeeld logies dat jy as kerk gesamentlik sorg vir 'n (goeie) liedboek wat in die samekomste én tuis gebruik kan word om die lof van God te besing. Vanuit die besef dat jy die lofprysing van vorige geslagte voortsit, is dit net so vanselfsprekend dat die lofsang van die kerk van alle tye en plekke in die bundel verteenwoordig word.

Hierdie permanente lofprysing vra ook van ons dat ons ons kinders die loflied in die mond lê: ons leer hulle die groot waarde van die lof van die Here en daarom leer ons hulle die liedere. Ook liedere, byvoorbeeld psalms, waarvoor volwassenes soms nog sê dat kinders nie daarvan hou nie of dit te moeilik vind. Nou is die vraag of die probleem in werklikheid by die kinders lê, of by die volwassenes wat 'n bepaalde spiritualiteit voorstaan en die daarby passende repertoire

bevorder. Los daarvan lyk dit vir my egter logies dat mens tydens die opvoeding in elk geval ook "dinge vir later" wil meegee. Jy leer jou kinders byvoorbeeld ook liedere soos die psalms, wat hul betekenis vir die Christelike kerk deur die loop van die eeue bewys het.

'n Ander heel konkrete uitwerking van die gebod van Dawid kan ons sien in die kerkmusikale reëlins. Dit handel oor reëlins wat moet sorg dat daar binne die kerke steeds mense is wat 'n besondere taak het om die lofsang van die gemeente aan die gang te hou. In ons praktyk kan ons dink aan die Nederlandse "Regeling Kerkmuziek" wat deur die Algemene Sinode van Leusden 1999 vir die kerke aanbeveel is. Dit is 'n handleiding by die aanstelling van en omgang met diegene wat die musikale aspekte van die erediens versorg. Ons hoef hier nie uit te wei oor die inhoud van die reëling nie, hetsy oor die vraag of 'n dergelike reëling per se net orreliste of moontlik ook ander instrumentaliste moet/kan betref. Dit gaan daaroor dat ons deur middel van 'n goeie kerkmusiekreëling die voortgang (van die begeleiding) van die gemeentesang so goed en ordelik moontlik waarborg.

Bowendien dwing die praktyk ons hiertoe, want die tyd is verby dat ons tevrede kan wees met die gedagte dat die orrel Sondae "tog wel speel". Siende die sterk dalende getal orreliste binne ons kerke sal ons ons met soortgelyke volstruispolitiek vroeër of later vasloop. Aandag vir kerkmusikale organisering, vir kerkmusikale kontinuïteit en kwaliteit, is noodsaaklik – nie net omdat dit voluit Bybels is nie, maar ook omdat ons deur die hedendaagse praktyk doodeenvoudig daartoe gedwing word.

### GEHALTE

Behalwe dat die gebod van Dawid inhou dat die lofprysing voort-

durend bly klink, leer die gebod ook dat die heiligheid en volmaaktheid van God die Skepper rigtinggewend moet wees vir die gehalte van die lofprysing. Hier handel dit dus ook oor gehalte van tekste en musiek, van liedboeke, van orrelspel, en dies meer.

Laat ek dit duidelik maak dat 'gehalte' nie verwar moet word met 'n bepaalde kompleksiteit of moeilikheidsgraad nie. Ek sê dit omdat die pleidooi om te streef na die beste en om nie tevrede te wees met laer gehalte nie, wel gelei het tot die gedagte dat hiermee gepleit sou word vir 'n elite, artistiek moeilik deurdringbare kerkmusikale praktyk. Die gevaar sou bestaan dat die eis om die hoogste haalbare na te streef sou kon lei tot 'n erediens wat slegs vir die gelukkige minderheid genietbaar is. Dit is sekerlik nie die geval nie! Hier word 'n valse teenstelling gemaak. Gehalte staan nie gelyk aan "moeilik", "ondeurdringbaar" of "nie vir die gewone mens" nie. So blyk dit byvoorbeeld dikwels dat die kerkliedere wat taalkundig-poëties en musikaal eenvoudig is, die beste is.

Meer in die algemeen: die begrip 'gehalte' laat hom nie net uit oor welke musiekgenres wel of nie liturgies bruikbaar is nie, maar veral ook oor die vraag *hoe* musiek gespeel en gesing word. 'Gehalte' beteken dat iets voldoen aan bepaalde funksies. Dit kan 'interne' funksies wees waarby jy jou afvra of die musiek ook sodanig gesing en gespeel word dat dit tot sy reg kom en funksioneer. Dit kan ook 'eksterne' funksies wees, waarby jy jou afvra of musiek ook voldoen aan of pas binne bepaalde eksterne (bv. liturgiese) doelstellings/funksies.

### "HART BELANGRIKER AS VORM"

Van 'n ander orde is die gedagte dat gehalte nie veel meer sal bydra as dit gaan om die lofprysing van God nie – solank as wat dit "vanuit jou hart kom". Die gehalte van teks of musiek sal onbeduidend wees, want God kyk na die hart. Redenasies oor watter liedgenres

wel of nie bruikbaar is nie, word as irrelevant beskou omdat dit in alle genres uiteindelik tog gaan om God se eer. Ook gesprekke oor die vraag of bepaalde musiek wel verantwoord uitgevoer word en of die orrel wel goed bespeel word, word om dieselfde rede as 'n vermorsing van tyd beskou.

Natuurlik is dit noodsaaklik en onmisbaar dat ons met hart en siel die Here dien en prys. Goeie, mooi vorms sonder innerlike betrokkenheid is oral en altyd verwerplik. Dieselfde geld vir orrelspel wat van elke besieling of deurleefde emosie ontnem is. Dat ons, hoe dan ook al, God van harte en deurleef moet dien, is 'n onopgeerbare uitgangspunt wat ons ook in die Skrif teenkom.

Vervolgens kan mens jou wel afvra of hierdie beginpunt ook die eindpunt is as dit gaan om die manier waarop God gedien word. Ons het so pas vasgestel dat die dien van God nie sonder 'n opregte betrokkenheid moontlik is nie. Maar dan moet ons vervolgens ook besef dat die manier waarop daar in die Skrif vorm gegee word aan die dien van God, wel uiters belangrik is. Ons kan byvoorbeeld dink aan God se opdrag om by die bou van die tabernakel en tempel duursame materiale te gebruik (Eks. 25–27 en 2 Kron. 2). Ook die gebod van Dawid wys aan ons dat uiterlike vormgewing nie afgespeel kan word teen immateriële sake en prinsipes nie (d.i. die opregte en hartlike dien van God). In die Nuwe Testament vind ons eweneens tekste waaruit ons weet dat die uitwendige manier waarop God gedien word nie minder belangrik is nie (sien byvoorbeeld 1 Tim. 2:8,9 en 1 Kor. 11:4–7).

Die manier waarop die mens konkreet vorm gee aan die diens aan God, die middele en materiale wat hy daarby gebruik, is dus bepaald nie onbelangrik nie. Ons strewen en ideaal om God te dien met die beste wat ons het en wat ons uit die skepping kan haal, beteken outomaties dat ons aandag het vir gehalte, en dat daar dus ook nagedink word oor of alle

religieuse musiek en liedgenres wel geskik is vir gebruik in die kerkdiens. Ook kan ons heel konkreet dink dat ons enige eise stel aan diegene wat Sondae die gemeentesang moet begelei.

Daar word soms wel opgemerk dat die 'beste' tog nie haalbaar is nie en dat ons ook wel met die 'goeie' genoë kan neem. Ten opsigte van die kerkmusiek sou ek so 'n gedagte nie wou ondersteun nie. Hoewel daar seker goeie ontwikkelings waarneembaar is, glo ek nie dat ons uit tevredenheid oor ons resultate die norm moet relativer nie. Ons inspanning en offervaardigheid op kerkmusikale gebied is myns insiens ook nie van so 'n aard dat ons nou al rede het om "die lat minder hoog te lê" nie.

Wanneer, onder andere, die gebod van Dawid ons leer om te streef om aan God die beste te gee, dan is dit daarby natuurlik duidelik dat geen relevante sake tersyde gestel word, soos die gebrokenheid van die lewe, die rol van die sonde en die onmag van die mens om God volmaak te dien nie. Ons weet dat die volmaaktheid hier op aarde nie bereik sal word nie. Desnieteenstaande is ons wel geroep om daarna te streef om God met die beste te dien.

### **ONBEREIKBAAR**

Daar is mense wat stel dat ons die bewoording 'die beste' eerder kan los omdat dit altyd beredeneerbaar bly oor wat 'die beste' is. Ek dink dat mens op hierdie manier wel altyd kan bly relativer. As jy nie kan praat oor wat die 'beste' is nie, kan jy net so min praat oor wat 'goed', 'verantwoord', 'matig' of 'sleg' is. Jy kan dan ewenwel jou bedenkinge uitspreek oor Filippense 4:8 waar daar gepraat word oor "al wat beminlik, al wat welluidend is". Jy sou ook hierdie woorde hul krag kan laat verloor deur te stel dat dit altyd argumenteerbaar bly oor wat "beminlik" en "welluidend" is. Nietemin bly die oproep soos 'n paal bo water staan om daarna te streef en dit te soek.

Bowendien sou ek daarop wou wys dat probleme oor vrae oor wat

gehalte is, wat goed en nie goed is nie, in 'n groot mate ontstaan wanneer vakmanskap buite spel geplaas word. 'n Groep mense wat niks van wyn weet nie, sal oor die algemeen sterker verdeeld wees en verdeeld bly in hul beoordeling van wyn as 'n groep wynkenners. Alhoewel daar altyd 'n grys gebied bestaan en persoonlike voorkeure 'n rol kan speel, geld dieselfde vir die beoordeling van kerkmusikale sake. Onder kerkmusici en himnoloë is daar aansienlik minder verskil in insig oor wat kwalitatief-verantwoorde kerkmusiek dan nou eintlik is. Onenigheid bestaan veel eerder as *nie-kerkmusikale* sake by die beoordeling betrek word. Byvoorbeeld in hoeverre mens bepaalde liedere sou moet toelaat in die kerkdiens omdat hulle nou eenmaal graag gesing word.

Vir duidelikheid: ek verdedig hier nie 'n situasie waar deskundiges die volk op diktatoriale wyse voorskryf wat wel kan en wat nie kan nie. Ewemint bepleit ek dat daar byvoorbeeld nooit liedere vrygestel mag word wat op bepaalde punte (tekstueel of musikaal) vir verbetering vatbaar sou wees, maar wat graag gesing word nie. Dit gaan vir my allermins oor 'n dergelike rigiede situasie, maar myns insiens om 'n hooflyn wat gevolg moet word.

### **SAMEVATTEND**

Hoewel daar nog veel meer oor ons onderwerp te sê is, moet ons tog hier afsluit. In hierdie artikels het ons gesien dat musiek in vrywel alle kulture en tye 'n vanselfsprekende plek in die godsdienstige lewe gehad het. Dit is dus blykbaar 'n baie *natuurlike* gegewe. Vanuit hierdie oogpunt is musiek nie 'n "vreemde eend in die liturgiese byt" nie. Die geestelike lewe kan nie sonder musiek nie en dit geld in elk geval vir die kerkdienste. Bowendien word ook uit die Bybel duidelik dat die gesonge lofprijsing by God se volk hoort. In verband met die term 'loof' het ons gesien dat dit nie uitsluit dat die lofprijsing ook 'n belydende en verkondigende funksie het nie.

Vokale musiek het binne en buite

die Christendom altyd die primaat gehad. Dit is ook logies as mens kyk na die feit dat sing nader aan die mens lê as om 'n instrument te bespeel. 'n Persoon wat sing gebruik sy eie liggaam as musiekinstrument. Bowendien speel die 'woord' 'n baie belangrike rol in die omgang tussen God en mens. Omdat praat en sing beide met ore en hoor te doen het, is dit voor die hand liggend dat hulle nou aan mekaar gekoppel is. Ook vanuit hierdie oogpunt is dit logies dat, in 'n kerkdiens, gesonge musiek belangriker is as instrumentele musiek.

Dit beteken nie dat suiwer instrumentele musiek geen funksie in die kerkdienste sou hê nie. Intendeel, daar is diverse funksies wat genoem kan word. So kan musiek iets uitdruk wat nie in woorde gesê kan word nie. Ook kan musiek in belangrike mate meewerk aan die skep van die regte konteks (ek vermy opsetlik die oppervlakkig



klinkende woord 'sfeer') vir die ontmoeting tussen God en mens. In hierdie betekenis kan jy sê dat ook instrumentele musiek 'boodskappe' oordra. Heel duidelik gebeur dit byvoorbeeld ook as 'n orrelis variasies van 'n bekende lied speel: slegs deur die melodie te hoor word die woorde van die lied in ons gedagtes opgeroep.

In hierdie artikel het ons veral benadruk dat die kerk die opdrag het om te sorg dat God se lof

voortdurend bly opklink. Ook moet die gehalte bewaak word. Laasgenoemde het te doen met die gegewe dat musiek 'n skeppingsgawe is wat oorspronklik bedoel is om God die Skepper mee te dien.

Laat ek daarom afsluit met die volgende gedagte: musiek moet beoordeel word as onderdeel van die skepping wat – om die woorde van die NGB (art. 2) te gebruik – ons laat sien wat ons van God nie kan sien nie, naamlik sy ewige krag en goddelikheid. Die feit dat nie elkeen dit so sal *ervaar* nie, maak die gedagte nie minder kragtig nie. Soos almal ook nie met dieselfde ervaringsoë na die heelal sal kyk nie, maar die Skrif tog sê dat die uitspannel die glorie van God ontvou.

(vertaal deur Sandra Zielman)

## 2005 Jaar van die Sinode vir die VGKSA

A.W. Herder

### RONDOM DIE KERK: SUID-AFRIKA

**Vir die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, is die jaar 2005 'n jaar waarin die algemene sinode gehou word. Soos bepaal is op die sinode van Johannesburg in 2002, sal die volgende sinode deur die gemeente van Maranata saamgeroep word in April of Mei 2005. In opvolging van hierdie besluit het die kerk van Maranata besluit om die sinode saam te roep op DV Maandag 23 Mei 2005. Twee nuwighede val op, nl. dit sal die eerste keer wees wat die betreklik jong gemeente van Maranata 'n sinode sal ontvang en in die tweede plek dat dit die eerste keer sal wees na die sestigerjare van die twintigste eeu wat die sinode weer driejaarliks opgeroep word.**

#### DRIEJAARLIKS

Ingeligte lesers sal weet dat ons sinodes elke twee jaar plaasgevind het en in die laaste dekade van die twintigste eeu amper elke jaar bymekaargekom het, a.g.v. gereelde ad hoc-sinodes. Hoekom dan nou driejaarliks? In 2002 is daar besluit om klassisse in te stel wat 'n groot hoeveelheid sake wat in elk geval kerkordelik aan die klassis toegewys is, moet hanteer. Sommige van hierdie sake bv. eksamens en kerkvisitasie was altyd op die tafel van die sinode, maar het weens die groot tydsverloop tussen sinodes nie tot hul reg gekom nie, behalwe as daar elke keer 'n ad

hoc sinode opgeroep sou word. Daar is bepaal dat die klassisvergaderings elke 6 maande sou plaasvind en dat op hierdie manier 'n groot hoeveelheid druk van die sinode weggeneem sou word. As 'n gevolg hiervan kon daar dus ook besluit word om die sinode elke drie jaar te laat plaasvind.

'n Tweede gevolg van die instelling van klassisse is dat die sinode in die toekoms nie meer saamgestel is deur drie afgevaardigdes van elke kerk nie, maar deur 6 afgevaardigdes van elke klassis, nl. 3 predikante en 3 ouderlinge. Verder word die agenda van die sinode nou vasgestel deur die klassis. Uiteraard dien die verslae van die deur die sinode benoemde deputate nog steeds op die sinode.

#### VOORBEREIDING SINODE

Die sinode kom bymekaar op 23 Mei en die daaropvolgende dae, maar die voorbereidings vir die sinode het al vroeg begin, om presies te wees net na Kersfees 2004. Volgens 'n vroeëre besluit van die sinode, het die sameroepende kerk 'n notularis aangewys, wat ook verantwoordelik is vir die opstelling van die agenda en die organisasie van die sinode. Hierdie taak is toegewys aan die uwe, skrywer van hierdie artikel. Baie take word toegewys aan die gemeentelede van die kerk van Maranata. Gedurende die sinode sal hulle ook baie



besig wees, veral om die honger en dors te les van die afgevaardigdes. Dit is iets wat normaalweg deur 'n vrouekomitee van die gemeente gereël word. Moet ook nie die gemeentedele vergeet wat 'n slaapplek beskikbaar stel aan van die afgevaardigdes wat van ver af kom nie.

'n Groot deel van die voorbereiding bestaan uit die bymekaarmaak van verslae van die deputate en die voorstelle van die verskillende klassisse. Die sinodelede moet verantwoordelike besluite neem en daarom sal hierdie verslae betyds beskikbaar gestel moet word vir studie van en kommentaar op die verslae. Ook die kerke wat hierdie verslae sal kry, sal graag die sinode wil dien met hulle kommentaar en opmerkings. Daarom is daar oorspronklik 'n datum vasgestel (1 Maart 2005) vir die indiening van die verslae en voorstelle. Omdat die klassisse hulle vergaderings maar in Maart 2005 gehad het, sal die praktyk tog wees dat die datum na 1 April uitgestel word. Ook die verslae is nie heeltemal betyds ingedien nie, maar ons hoop dat die verslae tog nog betyds sal wees vir oordeelvorming deur die afgevaardigdes.

### **VERSLAE VAN DIE DEPUTATE**

Watter verslae kan ons dus op die sinode verwag? Die sinode van Johannesburg in 2002 het 16 deputate benoem en ons verwag dus 16 verslae. Twee het betrekking op die finansies en die argief en twee op die kontrolering van die genoemde deputate. Dan is daar 'n deputaatskap vir die betrekkings met die buitelandse kerke. Die deputate is verantwoordelik vir die susterskerkverhouding met Nederland, Kanada en Australië, en verder het hulle baie kontakte met ander kerkgemeenskappe, veral in Afrika. Daar is ook 'n deputaatskap vir die kontak met die binnelandse kerke. Hulle is spesifiek gemoeid met die verhouding tussen die VGKSA en die GKSA. Baie werk word ook gedoen op die gebied van kontak met die verontruste broeders en susters in ons land. 'n Deputaatskap is ingestel om met hierdie mense kontak te hou en om te sien of ons ook saam verder diensbaar aan die Here kan wees.

Ons het genoem dat daar veranderings is in die struktuur van ons kerkverband. Miskien sal sommige mense onthou dat daar in 1990 'n boekie gepubliseer is met die sinodereëls en die kerkorde. Uiteraard het daar heelwat verander en 'n deputaatskap is benoem om hierdie veranderings in 'n nuwe boekie te publiseer. 'n Nuwe deputaatskap is die deputate vir art. 49 van die kerkorde. Hulle staan namens die kerkverband die klassisse by in moeilike sake soos eksamens, losmaking, ens.

Ons het as kerke 'n sendingsopdrag. Soos bekend word daar baie sendingwerk in die Pretoria en Kaapstad omgewings gedoen. Die werk word grotendeels ondersteun deur ons susterkerke in Nederland. Om die werk te koördineer en die kerke te dien met 'n uitwerking van die nasionale sendingsvisie, is daar sendingsdeputate benoem.

Dan is daar ook altyd baie aandag vir die liturgie van die kerkdienste. Ook is daar somtyds gevra na die gebruik van addisionele Skrifberymings en Gesange. Ook hierin is daar deputate benoem wat ons sal dien met hulle advies.

Dan het ons die Teologiese Opleiding. Ook is daar kontakte deur die sending met die Mukhanyo Teologiese opleiding. En laastens is daar teologiese studente in die Kaap. Daar is lank gepraat oor hoe daar aan die behoefte van teologiese opleiding voldoen kan word in 'n aanvaarbare vorm vir die kerke. Die kuratore van die Teologiese Skool is verantwoordelik vir die bestuur van die teologiese opleiding en bowendien met die ondersoek van bogenoemde vrae. Om van hierdie aangeleenthede te akkommodeer, was daar in die begin van die jaar 'n beraad waarin verskillende deelnemers hulle visie kon deel. Sien hiervoor die artikel van ds. E. Viljoen in die Maart uitgawe van Kompas. Die kuratore sal hulle bevindings met die sinode deel, sodat daar besluite geneem kan word om in die teologiese opleiding van al ons broeders te voorsien. Vir die studente wat wel Teologiese Opleiding ontvang, maar nie die nodige fondse daarvoor het nie, is daar 'n deputaatskap vir hulpbehoewende studente.

Vir die geval waar 'n kerk in ons kerkverband nie genoegsame fondse het om hulle predikant te onderhou nie, kan hulle 'n beroep doen op die kerke in die kerkverband. Daarvoor is 'n deputaatskap hulpbehoewende kerke.

Volgens Romeine 13 en ander Skrifgedeeltes, moet ons die owerhede eer en moet ons ook vir hulle bid. Op die vlak van die kerkverband is o.a. daarvoor 'n deputaatskap vir die kontak met die owerheid ingestel. Ten slotte, maar nie die minste, is die kerk van Kaapstad aangewys om in tye van groot nood 'n dag van verootmoediging uit te roep.

### **NUWE VOORSTELLE**

Dit kan natuurlik wees dat daar sekere aangeleenthede in die kerke leef, wat dadelik op kerkverbandelike vlak hanteer moet word. Kerke kan sulke gevalle aan die orde stel binne in hulle klassis en as die klassis meriete vind in die voorstelle, kan dit deurgestuurd word na die sinode. In 'n klassis is daar sorg uitgespreek oor die benodigde fondse vir al die werk wat ons wil doen. Moet die aanvra van fondse nie beperk word sodat die kerklike kwotas nie buitensporig hoog word nie? Dan was daar 'n vraag of ons manier van fondshantering en beheer van die argief die beste is. Voorgestel is om die klassisse anders in te deel as gevolg van die ongelyke verdeling van kerke oor die twee klassisse. Daar is miskien voorstelle om die Kerkorde aan te pas. In 'n kerk is ook besware oor sekere Skrifberymings. Ook is daar 'n voorstel oor hoe om met die verskillende tale in ons land in ons kerklike vergaderings om te gaan. 'n Vraag is gevra of ons dalk nie te veel deputate het nie? Is dit nie beter om die getal deputate te beperk nie en met die wat oorbly beter werk te doen as voorheen nie?

## GEBED

U sien dat daar genoeg is wat op die tafel van die sinode lê. Daar is 'n week beskikbaar gestel vir die werk. Dit is 'n gebruik dat voorafgaande aan die opening van die sinode, die sameroepende kerk 'n bidstond hou om die sinode van die week aan die Here op te

dra. Dit is nie 'n formaliteit nie, maar deel van die sinodewerk. Ook u gebed word gevra, want sonder dit kan die afgevaardigdes nie verder nie en is die werk sinloos. Die volledige agenda sal in die nabye toekoms gepubliseer word in Kompas en die plaaslike kerkblaai. Ons vra dan ook dat al hierdie sake biddend in die erediens gedenk sal word. ☩

# CHRISTEN EN KUNSTENAAR WEES IN DIE MODERNE WÊRELD

JM de Jong

## BOEKBESPREKING

Waarom is daar nie meer Christene aktief in die wêreld van kuns en vermaak nie? Die vraag word deur die Engelse digter, joernalis en resent van rock-musiek, Steve Turner, gestel in sy boek "Stel je voor ... Geloven in de wereld van kunst en cultuur". Hierin bespreek hy 'n aantal teologiese misverstande wat Christene daarvan kan weerhou om kunstenaar te word. Daarby lewer hy ook 'n pleidooi vir meer positiewe en 'n beter kwaliteit kuns deur Christene.

Turner beskryf eers hoe Christene van af die begin van die Christelike kerk tot vandag toe, met kuns omgegaan het. Hy is van mening dat daar sedert keiser Konstantyn (vanaf ongeveer 330) slegs sprake is van 'n tematiese verandering in die kuns. Kunstenaars het gekonsentreer op Christelike onderwerpe. Dis eers weer tydens die reformasie, wanneer die teologie weer die nadruk lê op alle lewensreine, dat daar weer 'n vorm van Bybelse kuns ontstaan waarin die volle lewe tot sy reg kom. Die later puritanisme verset hulle weer teen allerlei uitspattighede in die kuns, asook teen vrye tyd en vermaak. Kunsvorme soos dans en teater word as sondig beskou. In die twintigste eeu word hierdie debat deur Christene voortgesit t.o.v. film, televisie en popmusiek. Turner is van mening dat die probleem onder Christene nog steeds is: Christus is of Heer oor alle kunste of maar net oor 'n paar.

Tereg bemerk hy ook die moeite wat baie Christene het met die moderne wêreld, waarin kuns dikwels beskou word as 'n godsdiens

wat ons iets van die bonatuurlike laat smaak. Dit neem nie weg dat daar ongelowiges is wat in allerlei kunsvorme uitstekende werk skep nie, selfs al is die tema nie Christelik nie. Turner roep kunstenaars op om die skeiding wat nog steeds tussen wêreldse en gewyde kuns gemaak word, op te hef. Laat Christelike kunstenaars eerder probeer om, wat die kwaliteit van die werk betref, met hul ongelowige kollegas te wedywer.

### KUNS EN DIE BYBEL

Steve Turner vra homself vervolgens af of die Bybel ook iets oor kuns te sê het. Hy wys op die Bybelse leer van skepping, sondeval en verlossing. Christene, en ook kunstenaars, moet die beeld van God (skepper en onderhouer) uitdra. Die kultuur-opdrag geld vir almal. Die sonde het egter ook die kunste versteur en baie gebruik hul kreatiwiteit op 'n verkeerde manier. Volgens Turner moet ons, op grond van die verlossing in Christus, probeer om die verkeerde dinge te verminder en die goeie te stimuleer. Hy wys op verskillende kunsvorme in die Bybel wat as inspirasie vir kunstenaars kan dien (metafore, beeldspraak ens.). Ook sien hy 'n belangrike rol vir die satire, bv. gebaseer op die "alles is ydelheid" motief van Prediker.

Egte Christelike kuns, is volgens Turner, nie die kuns waarin Christelike temas belangrik is nie, maar die wat hul uitgang het in Bybelse denke. Hy beskryf 'n model waarbinne die kunstenaar sy kunsproduk kan plaas. Dit bestaan uit vyf konsentriese sirkels. In die buitenste sirkel plaas hy werk wat geen



bepaalde wêreldbeeld uitstraal nie, maar tog positief gerig moet wees. Die tweede sirkel bevat kunswerke wat iets van die Christelike geloof duidelik maak bv die waarde van die lewe. In die derde sirkel plaas Turner werke waarin iets van Christelike beginsels herken kan word. In die vierde sirkel kom dan die kunswerke wat duidelik geïnspireer is deur belangrike teologiese temas uit die Bybel. In die kern, die binneste sirkel, plaas hy die kunswerke wat uiting gee aan die kruis, die evangelie van dood en opstanding. Hy voorsien veral probleme vir Christelike kunstenaars in die laaste kategorie. Die kuns vind nouliks 'n aanklank by die hedendaagse publiek, en dit kan gebeur dat hulle hulself daarvan distansieer.

'n Christelike kunstenaar moet sy eie tyd nie negeer nie. Turner roep hom op om ander kulture te waardeer, want daar leef en werk ook Christelike kunstenaars. Maak gebruik van nuwe tegnieke en moderne kommunikasiemiddele en laat maatskaplike en politieke gebeurtenisse jou inspireer. Laat jou kuns op een van die genoemde vyf vlakke as getuie dien. Maar moet ook nie 'n kerklike buitestaander bly nie. Hou die band met die kerklike gemeente waaraan jy behoort, lewendig. Wees daarvan oortuig dat, as jy talent het en jou geloof geïntegreerd is in jou lewe, daar goeie kunswerke uit jou vingers sal voortvloei.

### GESPREKSGENOOT

Die boekie is in 'n baie aanspreek-

bare styl geskryf. Die skrywer weet hoe om 'n gevoel op te roep van 'n aangename gesprek oor kuns en kultuur, oor 'n lekker glas wyn. Maar na elke slukkie, het hy 'n volgende onderwerp beet. Tussendeur dis hy allerhande verhale op oor kunstenaars uit sy wye kennisekring. Daardeur bly die inhoud van die gesprek tog 'n bietjie oppervlakkig.

As hy wys op die norme vir kuns, verwys hy na die teks in Filippense (Fil.4:8): "Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit". Hy is van mening dat hierdie uitspraak van Paulus nie 'n opdrag is om soet en onwerklike of gelukkige en opbeurende kuns te skep nie.

Hy bespreek twee aspekte uit hierdie teks, wat volgens hom belangrik is. Eerstens beskryf Paulus hier 'n maatstaf waaraan ons alles wat ons sien, dink en doen, moet toets. Daarby wys die apostel ook watter waardes altyd voorop in ons gedagtes moet staan. Turner verwys daarmee na die tema wat Hans Rookmaker in die sestiger jare van die vorige eeu aan die orde gestel het: is daar Bybelse norme vir kuns? (Kuns en Amusement, Kampen, 1962). Dit is jammer dat Turner (wat die werk van Rookmaker ken), hierdie vraagstelling nie nader uitwerk nie. Rookmaker het verskeie voorbeelde uit die kunste aangehaal om sy stelling te illustreer.

Belangrik is Turner se oproep aan Christelike kunstenaars om die sekulêre kuns op hul eie vlak aan te vat. Kunstenaars moet nie in die kerk wegkruip nie. Hulle moet na buite kom en die artistieke debat met hul ongelowige vakgenote aanknoop. En hulle moet nie te lank vooraf nadink oor hoe hul kuns moet wees nie. Uiteindelik is dit die uitdrukking of openbaring wat in die kuns na vore kom, wat belangrik is. Turner hanteer hier wel 'n modernistiese kunsbegrip waarin daar vir die plek van die publiek en die geskiedenis van die kuns, feitlik geen ruimte oorbly nie. Ook sou die funksie van musiek wees om op die

bonatuurlike te wys. Met die soort oppervlakkige uitsprake, kom die bespreking oor die plek van die Christelike kunstenaar in die moderne kunstwêreld en in die Christelike kerk, nie regtig verder nie.



### “THE PASSION” EN DIE EVANGELIE

Hierbo het ek al reeds Turner se model vir Bybelse denke in die kuns geskets. Daarmee kan ons in elk geval sig kry op die plek van kunstenaars en hul kuns, in die moderne kultuur. Dit kan varieer van suiwer vakmatigheid in die buitenste sirkel, tot die uitbeelding of verklanking van die evangelie van dood en opstanding, in die binneste sirkel. Turner sluit die bespreking van die model af met 'n besondere uitspraak: Die kruis moet nie net 'n indruk maak weens die gesketse geweld of die klaarblyklike onregverdigheid daarvan nie - baie ander mense het ook op 'n wrede manier en ten onregte, gesterf. Agter die beeld van hout, spykers, dorings en bloed, lê die meganisme van regverdigheid en genade en die meganisme is vir die Christen-kunstenaar die grootste uitdaging (bl.96).

Die Engelse druk van die boek deur Turner het reeds in 2001 verskyn, lank voor die film van Mel Gibson, "The Passion of the Christ". Noudat hierdie film op video en DVD beskikbaar is, is dit miskien 'n goeie idee om Turner se stelling met hierdie film te konfronteer. Baie van die kritiek uit Christelike kringe op "The Passion of the Christ", het gedraai om die uitbeelding van geweld. In die Nederlandse Dagblad het 'n ingestuurde stuk verskyn (The Passion 2, 4 Maart 2004) van

iemand wat in sy beroep dikwels met geweld in aanraking kom, en derhalwe nie na die film sal gaan kyk nie. Daarby sien hy al genoeg geweld in films op TV en is bang dat hy die gewelddadigheid in die Gibson-film te afstandelik sal ervaar, meer as vermaak. Daardeur sal die boodskap nie oorkom nie. Verder bevraagteken die briëfskrywer of die lyde van Jesus as kuns gesien kan word. Kuns is tog bedoel om aksente aan die skepping te gee?

Wat die laaste betref, kuns lê inderdaad aksente. Kuns benadruk aspekte van die werklike lewe – of dit nou die natuur is of menslike handeling. Christelike kuns sal daarby soek na aspekte wat iets laat sien of hoor van God as skepper en onderhouer, of van God se regverdigheid en genade, soos Turner dit uitdruk. In die laaste eeue is daar, op grond van die uitgangspunt, indrukwekkende kunswerke geskep. So kan ons, by die artistieke vertolking van Christus se lyde, dink aan passiemusiek of Middeleeuse houtsnewerke van die kruis. Daar is in die film deur Gibson inderdaad sprake van oormatige geweld. Die geseling is afgrysig om te sien, so ook die kruistog deur Jerusalem: 'n ware lydensweg. Maar ons vergeet so maklik dat dit wel afgrysig was. Dit is die krag van hierdie film: dat ons dit weer besef en weer onder die indruk daarvan kom. Maar uit allerlei elemente in die film, kom ook die boodskap na vore dat Christus gely en gesterf het met die oog op ons verlossing. Hierdie film benadruk op 'n slim manier aspekte van die sondeval, verlossing en heil.

Steve Turner noem dit die grootste uitdaging vir die Christen-kunstenaar: om God se regverdigheid en genade te vertolk in kuns. Naas die Middeleeuse houtsnewerke en barok musici, het volgens my, die hedendaagse filmvervaardiger Gibson, ook hierin geslaag.

*JM de Jong: dosent in Kulturele en Kunssinnige Vorming aan die Gereformeerde Skooldgemeenskap Randstad te Rotterdam en ook dosent Kuns- en Kultuurwetenskap aan die Evangeliese Hoërskool te Amersfoort, Nederland. ✠*